# *BLINDE BARTIMEUS*

Dankie, Broer . . . ? . . .

2 Mag maar sit. Baie bly om weer terug te wees, vanaand. Ek het net onlangs met die vrou gepraat, en ek het vir haar gesê, ek het gesê: "Jy moes hier gewees het, Skat." Sy moet na die kinders omsien, natuurlik, en hulle is in die skool, die kleintjies. En ek het vir haar gesê, ek het gesê: "Jy ontmoet party van die beste mense in die wêreld net hier in Texas, Louisiana, hierdie suiderlinge hier." Wens ek kon huis toe gaan saam met elkeen van julle, ek's seker ek sou growwe pap vir ontbyt kry, growwe lympap, dis lekker, dis die lewe; swart-oog ertjies, en raapgroente, mieliebrood, niks beter waarvan ek weet nie. Dis goed.

3 Die liefde van God doen vreemde dinge aan ons, nie waar nie? Hoe dit ons harte dring, en ons saambind soos niks anders sal doen nie, die liefde van God!

4 Môre-aand is ons afsluiting van hierdie veldtog, en ek moet baie van die broers ontmoet, en hulle sien, en ek net, hierdie is een veldtog wat ek net nie graag wil laat eindig nie, dis net, hulle was so gaaf, almal is so gaaf.

5 En my ma het van Parys, Texas, af gekom, ek reken ek's net 'n deeltjie van Texas. So—so ek dink beslis julle het 'n wonderlike staat. En wat enige staat goed maak, is die mense wat daarin is. Louisiana, Georgia, en Alabama, en al hierdie suidelike state, hulle praat van suidelike gasvryheid, dis waar.

6 En vanaand beplan ons nou . . . Ek het Broer Moore gevra om 'n bietjie vir my te preek, en Don, sodat ek nie hoef te preek nie. En net, gisteraand het ons 'n dramatjie gehad, 'n storietjie, miskien kan ons nog een van daardie kleintjies hê vanaand, net voor ek vir die siekes bid.

7 En dan môre-aand, vertrou ek, miskien, as dit die wil van die Here sou wees, wil ek graag weer met julle praat, miskien oor 'n teks, 'n preek by die afsluitingsdiens. Ons waardeer beslis alles wat julle gedoen het, julle was so, regtig, so gaaf.

8 En ek is bly dat die liefde van God ons laat uitreik, ver uit. Ons kan dinge sien wat ons nog nooit tevore gesien het nie. En partymaal het byeenkomste soos hierdie 'n spesiale invloed op die mense om hulle te beïnvloed om—om—om die visie te kry van wat God beteken, ek dink dit—dit help mense.

9 Nou, vanaand het ek, voor ons die Skrif oopmaak, wil ek sê dat ek wil wag tot ek begin bid vir die siekes voor ek oor hierdie sakdoekies, en voorskote, ensovoorts bid, of wat hulle ook al mag wees. En nou, as julle nie een hierbo kan sit nie, wens ek julle sal

aanvra, een kry, in elk geval. Hulle is gratis, ons vra nie geld vir niks nie. Selfs ons boeke, iemand anders druk hulle, en meeste wat ons koop teen veertig persent af, dat ons hulle kan bring. En jy nie . . .

10 Natuurlik maak hulle niks op daardie boeke nie, as gevolg van die verlies wat ons op hulle maak, en die skade. En ek het altyd vir die kêrels gesê, as iemand verbykom en hulle het nie die geld gehad om dit te kry nie, en wou dit hê, gee dit vir hulle. Sien? Laat hulle dit net kry, in elk geval. Maar daardie boeke is gedruk, een van hulle deur Julius Stadsklev, twee of drie van hulle, en deur Broer Lindsay, ensovoorts. En ons koop hulle met, ek dink, dis veertig persent af, ek dink dis wat dit is, en egter, die kêrels sorg daarvoor.

11 Ons het geen geldprogram nie, geld is glad nie eens daarin nie. 'n Prediker het my nou die dag gebel, en gesê: "Nou, wat is jou finansiële program? Hoeveel geld moet ons hê?"

Ek het gesê: "Niks."

En hy het gesê: "Wel, hoe lewe jy?"

12 Ek het gesê: "Wel, gewoonlik aan die einde van die diens, gee hulle 'n liefdesoffer," ek het gesê: "as hulle, mense voel om dit te doen; as hulle dit nie doen nie, wel, is dit ook heeltemal in orde." En as—as hulle nie die uitgawes dek nie, sit dit in saam met die uitgawes, en laat ons dit dek. As hulle dit nie maak nie, dan sal ons by die huis vra en my kerk dit laat betaal. Ons wil altyd daardie naam dra van nooit . . .

13 Ek sou nie een van my manne toelaat om ooit, ooit, te bedel of te smeek vir geld nie. Wanneer dit by daardie plek kom, is dit tyd vir my om dan van die veld af te kom. Sien? Ja. As God nie mildelik alles voorsien wat ons nodig het nie, is dit tyd om te gaan. Ek dink baie dienste word geruïneer deur al daardie "Wie sal 'n tien gee? Wie sal 'n vyf gee?" Ek hou nie daarvan nie. Daar's net een ding waarvan ek graag wil hoor, dat—dat . . .

14 Het ek iets verkeerd gesê? Ek—ek hoop ek het niks verkeerd gesê nie, ek het net my hart uitgespreek, net soos ek gevoel het. Maar ek glo daar's net een ding wat ek wil hê wat jy moet gee, gee jou hart vir Christus, dis al wat ek wil hê, gee net jou hart vir Christus, dis waarvoor ons hier is. En so is ek seker dat God vir die res sal sorg, as julle dit net sal doen.

15 En nou, voor ons die Woord nader vanaand, laat ons bid, terwyl ons ons hoofde buig. Wie wil graag onthou word in gebed net vanaand? Net sê: "Onthou my, Here, ek—ek's behoeftig. Onthou my versoek, Here."

16 Ons Hemelse Vader, ons kom nader U troon van genade. Ons wil nie geregtigheid kom nader nie, want ons kon dit nie trotseer nie, ons kan nie U wet nader nie, want dit het geen verlossing

nie, maar ons nader Jesus, Wie U genade is, en ons kom vra vir Goddelike genade oor ons almal.

17 Vergewe ons van ons tekortkominge, en ons foute, en die dinge wat ons gedoen het, of gesê het, of selfs gedink het wat verkeerd was.

18 En ons glo nie dat ons heilig is nie, Here, ons glo dis nie ’n heilige berg nie, maar ’n Heilige God op die berg, nie ’n heilige kerk nie, maar die Heilige Gees in die kerk, nie ’n heilige mense nie, die Heilige Gees. So, Vader, ons bid nou, dat die Heilige Gees ons genadig sal behandel vanaand soos ons met die siekes en die beproefdes werk. Here, hulle is teer, en hulle is siek, en hulle is behoeftig.

19 En ons weet nie hoe om, wat om te doen nie, Here, ek staan hier tussen twee opinies op hierdie tyd, net hoe om ’n klein onderwerpie hier te benader, wonder of U dit sal seën in die harte van die mense. Mag ek in staat wees om iets te sê wat geloof sou aanmoedig, wat die gawe wat binne-in die mense is, sou opwek, dat hulle hulle genesing mag ontvang vanaand. [Leë kol op band—Red.]

20 Bo alles, Here, daardie sonde-siek siel wat hier sit, waar dit ook al is, ek bid, God, dat hulle die Lig van die dag sal sien deurbreek, en sal kom en versoen word deur die gestorte Bloed van die Here Jesus. Skenk dit.

21 Ek bid vir hierdie goeie klomp Gólgota-gekoopte dienaars van U hier agter my, Here. Ek voel baie gering om hierbuite op die platvorm te staan voor daardie manne, en party van hulle het die Evangelie gepreek toe ek nog net ’n sondaarseun was. God, ek bid dat U daardie dapper harte sal seën. Mag hulle aan mekaar vasklou, Here, deur die liefde van God om hulle gedraai op so ’n manier, Vader, dat hulle—hulle voorspoedig sal wees in wat hulle ook al doen. Mag hulle dapper diensknegte wees om Christus na die mense te bring in hierdie sluitingsuur van die wêreld se geskiedenis.

22 Genees al die siekes en beproefdes, beide siel en liggaam, Vader, bid ons. Seën ons saam, soos ons nou wag op U Woord, want ons vra dit, in Jesus’ Naam. Amen.

23 Oorkant in die Boek van Lukas se Evangelie, die 18de hoofstuk en 38ste vers:

> *En hy het uitgeroep,. . .Jesus, seun van Dawid, wees my genadig.*

24 En in die 42ste vers:

> *. . .Jesus het gesê . . .Ontvang jou gesig: jou geloof het jou gered.*

25 Ons storietjie begin vanaand, en dit was op ’n koel, lenteoggend net aan die oostekant van die poort van Jérigo waar die pad afkom van Jerusalem af. Dit was ’n slegte nag vir die

arme kêrel, hy was glad nie in staat om te slaap nie, hy het net rondgerol, sou wakker word, en rondrol. Daardie verskriklike nagte, ons weet wat hulle is, omtrent almal van ons. Ly aan senuweeagtigheid, en het gelyk asof dit 'n verskriklike nag was.

26 Hy, en toe hy opgestaan het, en hy laat by sy plek gekom het, na waar hy sy daaglikse werk gedoen het om te bedel. Daar was baie bedelaars in die stad en regoor die land in daardie dae, baie arm land, en arm mense onder slawerny van die Romeinse Ryk. Die bedelaars sou baie vroeg op die straat moes kom, en elkeen het 'n plek gehad waar hy gebly het, dit was aan hom toegeken. En hulle sou daar staan, en wanneer die handelaars in die straat sou afkom, sou hulle uitroep om aalmoese.

27 En die handelaar, miskien, die eerste bedelaar wat hy ontmoet en vir hom 'n muntstuk gegee het, wel, dit het dit waarskynlik afgehandel vir die dag, want hy kon nie bekostig om te veel te gee nie, want miskien kon hy dit nie bekostig om elke dag 'n muntstuk te gee, 'n Romeinse denarii, of iets nie, mag baie vir hom gewees het. So, hy het sy muntstuk ingesit, en dan het hy aangegaan. En miskien het die volgende kêrel 'n muntstuk by iemand anders gekry.

28 Maar hulle moet vroeg daar wees wanneer die handelaars in hulle plekke, die besigheid, en die markte ingekom het. Daar was baie plekke waar die bedelaars nie kon staan nie, so hulle sou, die soldate sou 'n plek aan hulle toeken, en hulle moes daar staan.

29 En ons vriend vanaand, soos ons hom ken as Bartimeüs, party van hulle spreek dit uit *Bartimeüs*, wel, ons vind hom laat op sy pos. En sy plek was net buite aan die noordekant van die poort, waar hy by die poort gestaan het om die handelaars te kry soos hulle inkom, en gelyk of hy 'n baie goeie plek gehad het. En hy was blind vandat hy 'n klein seuntjie was.

30 En daardie aand...Die rede waarom hy laat was daardie oggend, sal ons sê, en, om dit te dramatiseer, dat hy heelnag gedroom het dat hy weer kon sien, hy het gedink dat hy weer die lug, en die sterre, en die sonlig kon sien. Maar nou, hy het in 'n afgesonderde wêreld gelewe, heeltemal afgesluit in duisternis, blind.

31 Ek dink dis een van die verskriklikste dinge om 'n blinde persoon te wees. En ek voel jammer wanneer ek 'n man of vrou op die straat sien met daardie wit kierie, wat aanstrompel. Baiekeer het ek my motor gestop, en oorgehardloop, en een of ander arme ou moeder gesien wat op die punt was om in 'n paal vas te loop, of iets, onder langs die straat, en haar oorgehelp, een of ander jong kêrel, of ou man. Blindheid, ek dink dis die vreeslikste ding.

32 Maar ek...Daar's—daar's 'n blindheid wat erger is as fisiese blindheid, dis geestelike blindheid. Ek kry hulle meer jammer as vir die fisiese blindes. So waarom sou ons harte nie uitreik na hulle, in plaas van om hulle te veroordeel nie? Laat ons hulle

liefhê, dan sal hulle Lig sien, as julle hulle net sal liefhê. Die wêreld smag, nie vir 'n beter ekonomie nie; die kerk smag, nie vir beter geboue, 'n groter denominasie nie, maar dit smag na iemand om 'n hand van liefde uit te steek, om te wys dat ons vir mekaar omgee. En dis die einste teken wat Jesus vir ons gesê het dat: "Hieraan sou alle mense weet dat julle My dissipels was," wanneer ons liefde vir mekaar gekry het.

33 Ek het gedink aan blinde, dis bietjie van my onderwerp af, maar ook nie af nie, daar was blinde Fanny Crosby, sy kon beter sien as baie mense wat twee goeie oë het. Hulle het haar probeer kry, eenkeer, om musiek of poësie te skryf vir die danswêreld, en vir die vermaaklikheidswêreld, en sy het geweier om dit te doen, so hulle het haar bespot.

34 Ek het gedink: "Wat 'n verskil is dit tussen haar, en 'n sekere jong, Pinksterseun, wat die wêreld aan die brand gesteek het met ruk-en-rol!" Ek het dikwels gedink dat hy erger as Judas is. Judas, Esau het sy geboorteregte verkoop. En vir wat 'n verskriklike ding sal daardie jongman moet antwoord op die Oordeelsdag, meer siele hel toe gestuur het as al die smokkelhuise wat daar in die land is. Dis reg.

35 En toe, toe Fanny Crosby, eendag toe hulle na haar toe gekom het met hierdie groot winskopies, sy was ook arm, en hulle het na haar toe gekom, en gesê: "Ons sal *soveel* gee, as jy net jou talent sal oorgee vir die maak van liedere vir die vermaaklikheidswêreld," sy het dit botweg geweier, sy wou dit nie doen nie.

Sy het gesê: "As daar enigiets is wat ek het, behoort dit aan Christus."

36 En so het hulle, die mans wat met haar gepraat het, gesê: "Dan veronderstel ek dat jy verwag om na 'n Wêreld te gaan waar daar ewigdurende Lewe is, ensovoorts?"

Gesê: "Ja."

"So wat verwag jy moet hierdie Christus wees?"

Gesê: "Hy sal 'n Man wees."

En gesê: "As jy dan dieselfde is daar oorkant as wat jy hier is," gesê: "sou jy hom nooit sien nie," gesê: "jy is blind."

Sy het gesê: "O, ek sal Hom ken, in elk geval."

37 So hulle het gesê: "Hoe sou jy hom ooit ken, as jy steeds blind is daar oorkant, omdat jy nooit sig in hierdie lewe gehad het nie? En aan die ander kant, as jy geen sig daar het nie, hoe sal jy hom dan ken?"

Sy het gesê: "Ek sal Hom ken."

38 En hulle het vir haar gelag, en sy het omgedraai en deur die huis begin gaan. Toe sy haar besluit geneem het: "Nee, meneer, niks van die wêreld nie! My hele talent is aan Christus gegee."

En hulle het gesê . . . Sy het weer deur die huis begin gaan en haar hand opgesteek, sy het gesê:

Ek sal Hom ken, ek sal Hom ken,
En verlos aan Sy sy sal ek staan;
Ek sal Hom ken, ek sal Hom ken
Aan die merke van die spykers in Sy hand.

39 Dis daardie groot, kritieke oomblikke waar die—die druk op ons geplaas word waarin God beweeg, wanneer ons die besluit vir Hom neem. Dis tussen Lewe en dood, daardie skerp randjie. Partymaal op die laaste oomblik wanneer jy dink jy gaan nie gesond word nie, en iemand bespot jou, steeds jou getuienis hou, dis daardie tyd wat God inbeweeg.

40 Bartimeüs het soort van laat op die toneel aangekom. So, dit was 'n vroeë lente-oggend, glo ek, in April, want dit was naby Pase. En sy klere was totaal verslete, veronderstel ek. En hy het opgekom na die poort, dit was stil, so hy het gesê: "Wel, ek's 'n bietjie laat, want ek het laat geslaap." Maar die son in die Palestynse lug het net, miskien, opgekom in die ooste, en hy soort van aan die noordekant het 'n . . . [Leë kol op band—Red.] . . . oor die muur, waar dit platgeskud is deur God, toe Josua ingekom het.

41 Laat ons dink hy het vir hom 'n klip gekry, en gaan sit in die sonskyn, gesê: "Wel, miskien is daar een handelaar wat 'n bietjie laat is. Ek sal, miskien vandag, 'n muntstuk kry, vir my familie, want ons is regtig behoeftig."

42 En hy het begin dink aan, terwyl hy daar gesit het in die warm sonskyn, sy verslete jas om hom gedraai, het hy begin dink aan sy droom, hoe werklik dit was. Toe het sy gedagtes teruggedryf in 'n dagdroom, soos ek weet ons almal daardie ondervindings het.

43 Baiekeer, kon ek so hoog in die berg opklim dat ek buite hoorafstand is van enige, enigiets, net daarbo gesit by die—die diere, en droom, o, droom net van God, en die Koms van die Here, en uitkyk en Hom hoor uitroep in die voëls, en Hom dophou in die arende, en Hom sien in die sonsopkoms en sonsondergang; Hy's net oral om jou. Alleen wees en droom.

44 So Bartiméüs het, miskien, daarbuite gesit in 'n droom, soos daardie. En omdat dit lente was, het hy gesê: "O, ek het gisteraand gedroom dat ek my sig gehad het! Ek kan onthou toe ek 'n klein seuntjie was, het ons net agter die berg gewoon hier, 'n klein hutjie daar aan die kant, my . . . Onthou toe ek altyd in hierdie vroeë lente was, wanneer die botterblommetjies sou opkom, hoe ek altyd uitgehardloop het as 'n klein seuntjie en gespeel het, en Moeder vir my vir haar 'n klein ruikertjie blomme sou laat pluk het.

45 "En hoe ek sou kyk, daarbuite gelê het op die sagte beddings van die gras, opgekyk en die wit wolke sien oorgaan het in April,

die warm sonskyn wat op my baai. Hoe mooi moet hierdie wêreld wees! Maar ek het dit lankal uit die oog verloor, na baie jare van blindheid, so ek reken dit sal nooit wees nie. Maar o, hoe ek daardie droom gisteraand waardeer, om selfs te droom dat ek kon sien!"

Toe het hy begin dink, sy verstand is vasgevang, o, dis wanneer jy in die gees van enigiets kom, teruggeneem na toe hy 'n klein seuntjie was.

46 Ek weet almal van ons doen dit. Ek doen dit, gaan terug na die tyd toe ek 'n klein seuntjie was, my vader sien inkom met, klein, kort mannetjie, houtkapper, en hoe hy sterk arms gehad het, en ek hom sou sien. . . Hy het nie meer as 'n honderd-en-veertig pond geweeg nie, maar 'n man het my nou die dag vertel hy het hom 'n negehonderd-en-vyftig-pond stomp alleen op 'n wa sien laai.

47 En ek sou hom sien, wanneer hy sy moue sou oprol, 'n ou appelboom daar, en 'n klein stukkie glas wat ma daarteen vasgespyker het, en 'n klein handpompie. Sy het 'n meelsak daar gehad vir 'n handdoek, ek sou Pa die water sien pomp en—en seep neem en sy hande was, daardie ou boerseep wat ons altyd gemaak het, julle weet, en die loog maak, en die seep daarvan maak, en was. Wanneer ek hom sy arms sien optrek het soos *daardie*, om sy dik, swart hare te kam, het ek gesê: "Jy weet, my pa sal nooit doodgaan nie, hy's te sterk om dood te gaan." Maar hy is dood op twee-en-vyftig jaar oud.

48 Dan dink ek aan Hebreërs 13: "Hier het ons geen blywende stad nie, maar ons die toekomstige." Ons het geen permanente plek hier nie, ons is pelgrims, en ons is vreemdelinge hier, ons soek na 'n toekomstige Stad.

49 Nou, Bartimeüs het gedink toe hy 'n klein seuntjie was, en ek kan my voorstel hy het so gedink: "O, ek onthou toe teen middagete, sou ek daardie soet stem van daardie pragtige moeder van my om die heuwel hoor: 'Bartiméüs, jou middagete, Seun!' En hoe ek na die huis toe sou hardloop, en sy sou my gesiggie was, en my hare kam, en my op die wange soen, en ek sou haar groot, sagte oë sien, en ek sou opkyk in die gesig van daardie mooi moeder, en—en sy sou my laat aansit vir middagete.

50 "En dan, na middagete, na 'n rukkie sou sy my weer roep, want dit was doektyd. En sy sou buite op die stoep sit soos ons oor die Jordaan gekyk het, en sy sou my in haar arms sus, en ek sou my klein babahandjies op haar mooi wange sit, en sy sou my soen, en—en sy sou vir my Bybelstories vertel. En hoe ek daarvan gehou het om daardie stories te hoor, van hoe die groot Jehova God ons mense oorgebring het na hierdie beloofde land toe!

51 "En sy sou oorkant na die botterblommetjies kyk wat ek vir haar gebring het, die blommetjies van die heuwel af, en sy sou sê: 'Dis ook deel van Jehova se belofte, Bartiméüs. Hierdie pragtige

land is ons s'n, en Jehova het ons gelei vanaf die groot sandduine van Egipte, en ons in hierdie land gesit.'

52 "Hoe sy my sou vertel van daardie groot, magtige Jehova, hoe Hy uitgebrul het vir Sy mense, in die bresse getree het, die Farao se leër agter hom verdrink het, hoe Hy brood uit die Hemel laat reën het, kwartels ingebring uit die velde, ons mense gevoed het, en hoe Hy tekens, wonders gedoen het. Toe hulle dors was, het die groot profeet Moses 'n Rots geslaan, en daar het water uitgekom.

53 "O, hoe groot is Jehova! Wat 'n groot, magtige God wat ons dien! Hoe daardie groot Jehova daardie profeet Moses belowe het, 'Eendag sal die Here julle God 'n Profeet oprig soos ek,' en Hy sal ons uitneem onder hierdie Romeinse diktatuur.'"

54 En toe, onthou julle toe hulle die Jordaan oorgesteek het, net 'n entjie ondertoe waar hulle hut was, en hoedat Jehova die see teruggerol het, die Jordaan, in die maand van April toe die heuwels sneeu gesmelt het in Judéa, bo rondom die berg, Hermon, ensovoorts? En hierdie ysige, sneeuwater het deurgevloei, en modderig, gekolk, die groot, magtige Josua afgemarsjeer het na die see en hy gespreek het, en Jehova het terugbeweeg op poeier-droë grond, en hulle daaroor laat loop het, reg in die maand van April. O, hoe daardie groot God . . .

55 Toe het Bartiméüs 'n bietjie oorgekyk, soort van gebewe, en gesê: "Jy weet, ek wens dat Jehova steeds Jehova was, op 'n manier, glo ek Hy is, maar my priester sê vir my dat al daardie dinge verby is, Hy is nie soos . . . "

56 Meteens hoor hy iets aankom, *klik*, *klik*, *klik*, *klik*, dis 'n klein donkie. Wel, dit moet 'n ryk man wees, want vervoer toe was gewoonlik deur, die armes het te voet gereis, die rykes het gereis deur die wa wat getrek is deur 'n donkie, of het op die rug van 'n donkie gery. So hy staan op, hardloop omtrent twintig voet na die groot, geplaveide pad toe, en uitgehardloop, en gesê: "Aalmoese vir die blindes! Almoese vir die blindes!"

57 Meteens het die donkie gestop, en hy het 'n wrede stem hoor sê: "Uit my pad uit, bedelaar! Ek is die dienskneg van die Here. Ek is op my pad na Jérigo vanmôre, ek gaan die predikersvereniging ontmoet, en ek gaan toesien dat daar geen genesingsdienste hierrond is nie, niks van daardie fanatisme nie. Geen *sogenaamde* Galilése profeet kom hiernatoe met niks van sy fanatisme nie. Uit my pad, bedelaar, ek moet op my pad wees, ek's in diens van die Here."

"Verskoon my, heilige." Teruggetree.

Hy gaan verder in Jerigo in, om te hou die . . . die predikersvereniging sover te kry om alle veldtogte daarvan te stop.

58 Miskien is dit 'n bietjie kru, miskien moes ek dit nie gesê het nie. Terloops, julle weet, die man sterf, maar die gees nie, so dis

jammer, maar dit, dis hoe dit veronderstel is om te wees, want elke geslag wat opstaan in die Oordeel sal dieselfde ding moet trotseer, julle sien, jy moet deur dieselfde, presiese, ding gaan.

59 Toe soos Bartimeüs sy pad teruggevind het, het dit later in die dag geraak, laat ons dink, 'n klein bietjie, en die son wat nou oorgekom het, het die rots in skadu gehul, so hy het rondgevoel totdat hy vir hom 'n ander een gekry het, gaan sit. Hy het gedink: "Wel, ek reken ek sal niks kry vanaand nie, ek reken ons sal net daarsonder moet klaarkom."

60 En soos hy gaan sit het, het hy gedink: "Wel, ek het so 'n wonderlike droom gehad oor vergange se dae, en oor groot Jehova." Toe het hy weer sy gedagtegang voortgesit, en gesê: "Ja, ek onthou Moeder het vir my een van my gunsteling stories vertel; en een van my gunsteling stories was hierdie een, sy het my altyd vertel van die profeet Elía. Ek hou so baie van daardie een, want sy sou sê: 'Bartiméüs, hou jy van die storie van Elía, die Tisbiet, met die Sunamitiese vrou?'

61 "Ja, Mamma, want dis oor 'n klein seuntjie, en hoe God sy plan laat werk het deur 'n klein seuntjie." En hy het daarvan gehou, omdat hy ook in Jehova geglo het.

62 "En hierdie Sunamitiese vrou, wat 'n Heiden was, tog was God haar genadig. Hoe die groot, magtige profeet Elía na die stad toe gekom het, en sy het gesien dat hy 'n heilige man was. En hy het in 'n grot bo in die berg gewoon, en hy het sy dienskneg by hom gehad, Gehási," wat soort van 'n veldtogbestuurder was wat rondgegaan, en hom gehelp het om dinge gereed te kry wanneer hy sou spreek. "En *op 'n manier* het sy van hierdie man gehou, sy het gedink hy was 'n wonderlike persoon.

63 "So haar man was soort van 'n bejaarde man, en sy was besig om oud te word. En sy het vir haar man gesê: 'Ek vra jou, laat ons iets doen vir hierdie man, want ek sien dat hy 'n heilige man is.'

64 "En hulle het 'n kamertjie gebou aan die kant van hulle huis, 'n klein, profeetkamertjie, 'n bedjie daar vir hom gesit en—en, ook, vir hom 'n bekertjie water neergesit, en 'n stoeltjie om op te sit, en 'n pannetjie om sy vermoeide, moeë voete en bene te was wanneer hy gaan sit het. En sonder twyfel sou die dienskneg vir hom iets uitbring om te eet wanneer sy hom daarbuite in die kamer hoor.

65 "En Elía was so ingenome hiermee, dat," ek kan haar hoor sê: "Bartiméüs, weet jy wat daardie vrou die meeste van alles nodig gehad het toe hy gevra het? Hy het gesê: 'Watter guns kan ek vir jou bewys? Kan ek met die koning praat, of kan ek iets doen?'

66 "Sy het gesê: 'Nee, ek woon by my mense, daar's niks wat ek nodig het nie. Ek het dit net gedoen uit die, my hart, omdat ek die God wat jy dien, respekteer, en ek die lewe wat jy lei, respekteer.'

"En toe het Gehási gesê: 'Sy's oud, haar man is oud, en hulle het geen kinders nie.'" Bartiméüs het hiervan gehou.

67 "En die groot profeet Elía het gesê: 'Gaan, sê vir haar om hier by die deur te staan.'" Hy het 'n visioen gesien. "Hy het gesê: 'SO SPREEK DIE HERE: Jy sal 'n seun omhels.'

68 "En toe hierdie seuntjie omtrent die ouderdom van twaalf jaar oud geword het, o, hoe sy pappa en mamma hom liefgehad het!" Dit moes omtrent die ouderdom van klein Bartimeüs gewees het. "En hoe daardie pappa en mamma hom liefgehad het! Hoe daardie pappa hom uitgeneem het in die lande, en hom alles gewys het hoe om graan te kweek. Eendag toe hy buite in die veld was, moes hy 'n sonsteek gekry het, want hy het bly sê: 'My kop, my kop!'" Daardie Palestynse son is warm, die direkte strale daarvan. "My kop, my kop!

"En hy, vader was besig, so, die seun was siek, hy het vir die dienskneg gesê: 'Neem die kind na sy moeder toe.'

69 "En die seun het sieker, en sieker geword, totdat hy uiteindelik, op sy moeder se skoot, gesterf het. En die dapperheid van daardie beroemde vrou, wat guns bewys het aan 'n dienskneg van Christus, sy het presies geweet, en is gelei deur die Gees wat om te doen." O, ek hou daarvan! Nie net Bartimeüs nie, maar ek hou daarvan. "Sy het hom na die profeet se kamer toe geneem en hom op die profeet se bed neergelê." Wat 'n plek om hom neer te lê! Net reg.

"En sy het vir haar dienskneg gesê: 'Saal vir my 'n muil op, en moenie stop totdat ek jou sê nie. Gaan vooruit.'

En haar man het gesê: 'Dit is nie nodig om na hom te gaan soek nie, hierdie is nie nuwemaan of sabbat nie, hy's nie daarbo nie.'

"Sy het gesê: 'Alles is reg.'

70 "En nog iets, Bartiméüs, weet jy God openbaar nie alles aan Sy diensknegte nie? Hy openbaar net aan hulle wat Hy wil hê hulle moet weet," sien: "net wat Hy wil hê hulle moet weet. So toe die vrou hierdie groot, magtige man van God gesien het, hy het na sy grotdeur toe geloop, en sy staf teen die muur gesit, was al redelik oud, en hy het sy hande opgesteek soos *hierdie*, en hy het uitgekyk, hy het gesê: 'Wie is dit wat ek sien aankom?'

"Gehási het gesê: 'Dis die Sunamiet. Sy lyk asof sy baie bedroef is.' Sy het gehuil en aangegaan.

"So hy het gesê: 'Haar hart is bedroef, maar God het dit vir my verberg, ek weet nie wat sy makeer nie.' Gesê: 'Gaan, ontmoet haar.'

71 "En hy het haar gaan ontmoet. En toe sy naby aan hierdie groot profeet gekom het, het hy gesê: 'Gaan dit goed met jou? Gaan dit goed met jou man? Gaan dit goed met jou seun?'"

72 O, ek hou van daardie vrou se uiting! “Sy het gesê: ‘Alles is reg.’”

73 Ek dink dis waar Martha en Maria, Martha altyd soort van traag was, gelyk het asof, maar toe sy geweet het dat as, om terug te verwys na hierdie vrou, as hierdie Sunamitiese vrou geweet het dat God in daardie profeet was, wat God se verteenwoordiger van daardie dag was, en as God in Sy profeet was, hoeveel te meer was Hy in Sy Seun!

74 En sy het gesê: “Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie, maar selfs nou, wat U God ook al vra, dit sal God vir U gee.” Dis reg. Dis die idee.

75 En die Sunamitiese vrou, sy het gesê: “Alles is reg.” Hoekom? Haar man wat sy hande wring en skree, die hele familie wat skree en huil, en aangaan, en hier was sy met ’n gebroke hart, die baba wat op die profeet se bed, dood, gelê het, haar enigste seun, en ’n ou vrou, ’n ou man. Hoe sy nie daardie kêreltjie liefgehad het nie! Maar: “Alles is reg,” want sy het voor God se verteenwoordiger gestaan.

76 En hy het geweet . . . sy het geweet dat God deur daardie verteenwoordiger van Hom kon openbaar wat dit ook al was. “God het gegee, en God het geneem, geseënd sy die Naam van die Here.” Maar sy wou weet waarom God dit geneem het. Ek hou daarvan.

77 En God het ’n Verteenwoordiger in die wêreld vandag, ons noem Dit die Heilige Gees, staan in Sy Teenwoordigheid. O God, ek wens mense kon dit begryp. Staan in Sy Teenwoordigheid en vind uit wat Hy sê.

78 “En sy het gesê: ‘Alles is reg.’ Ek veronderstel die hart van die profeet het bly geraak. So, sy het gekom, en neergeval, en hom om die bene gegryp. Dit was soort van wangedrag, het die dienskneg gedink, hierdie vrou behoort nie so om sy meester te val nie, so wat het hy gedoen, behalwe om haar op te ruk.

79 “En so het Elía gesê: ‘Los haar uit, haar hart is baie bedroef, en God het dit vir my verberg.’

80 “En toe het sy openbaar wat gebeur het, gesê: ‘Waarom het God vir my hierdie seun gegee? Waarom het jy dit vir my gesê om my te mislei? Nou lê die seun dood.’

81 “Hou vir Elía dop, hy het gesê, hy het geweet dat alles wat hy aangeraak het, geseënd was wanneer hy gesalf was, hy het vir Gehási gesê: ‘Neem hierdie staf en gaan vooruit, en as iemand jou groet, moet jy hom nie groet nie. Moenie stop vir enige sosiale sake nie.’”

82 Ek dink dis wat God doen met Sy Woord, Dis Gesalf, Dis Hy, en ons is Sy boodskappers. Ons het nie tyd om te stop om *hierdie* te doen, en *hieroor* te argumenteer, en *hieroor* te stry nie, die Boodskap is dringend, mense sterf, kom ons kom daar, stop ons

denominasionele skanse, en alles, laat ons deurbreek. Ja, meneer. Kry die Boodskap by 'n sterwende wêreld. Dan . . . Wil nie daarop ingaan nie, ek begin preek.

83 "Nou, nietemin, hy het begin gaan. Maar die vrou se geloof was nie in die staf nie, haar geloof was in die profeet, en sy het gesê: 'So waar as die Here God leef, u siel nooit sterf nie,' sy het geweet hy lewe vir ewig, 'u siel nooit sterf nie, sal ek u nie verlaat nie.'" O, goeiste! Dis reg, noudat jy dit het, hou vas. Kry 'n houvas op die Heilige Gees soos daardie en moet Dit nie los nie. "My arm enigsins beter is vandag, dit maak geen verskil môre nie, maak geen verskil nie, wanneer dit ook al is, ek sal vashou, tot dit wel regkom. Ek het U belofte, U gee U belofte, ek weet van ander wat daardeur genees is, en ek sal net hier vashou. Ek is op U hande." Amen. Dan gaan iets gebeur.

84 Wanneer jy God se belofte neem en daaraan vashou, "Here, U het vir my gesê dat, as ek die vereistes van bekering sou nakom, ensovoorts, dat U my die doop van die Heilige Gees sou gee, ek is net hier op U hande totdat U dit doen."

85 Ek hou, soort van, van Buddy Robinson se getuienis daar, het in die middel van die mielieland gaan staan, gesê: "As U my nie die Heilige Gees gee nie," gesê: "wanneer U terugkom aarde toe, sal daar 'n hoop bene net hier lê." En ek hou daarvan. Ja, meneer. Dis toe hy iets gekry het. Dis hoe jy dit wil doen. Hou vas daaraan!

86 Ek bewonder daardie vrou. Haar geloof was in die profeet, sy het hom vasgehou, sy het gesê: "Ek gaan u nie verlaat nie." So wel, dis net . . .

87 Nou, Jesus het daardie selfde ding geleer. Wat van die onregverdige regter en die weduwee? Hy wou nie reg doen nie, hoewel sy dag en nag gehuil het, wel, hy—hy het reg gedoen teenoor haar teëparty net om van haar ontslae te raak. Gesê: "Hoeveel te meer sal julle Hemelse Vader hulle die Heilige Gees gee wat Hom vra?" Dis wat ons wil hê.

88 Jy nie glo die Heilige Gees is eg nie, kry God se belofte beet, en bly net daarby, hou vas daaraan, moet dit nie los nie. As jy nie glo Hy's 'n Geneser nie, watter siekte of probleem jy ook al het, net nou, moenie wag vir die genesingsry nie, vat dit net nou, en sê: "God, ek is op U hande."

En Satan sal sê: "Jy's niks beter nie."

89 Dis wat hy vir my gesê het, ek het gesê: "Kyk hier, ou sleepvoet, as jy nie . . . as jy wil . . . jy my wil hoor getuig oor die heerlikheid van God, bly net hierrond, maar jy gaan my nie laat afsien daarvan nie. As jy graag die getuienisse van God wil hoor, en die lofprysinge van Goddelike genesing, staan hier rond, ek gaan dit uitroep net so lank as wat ek kan, net reg daarby bly. Bly net hier, luister daarna, ek nooi jou uit om daarna te luister, bly hier."

90 Eerste dag, niks beter nie; volgende dag, niks beter nie; volgende dag, niks beter nie, ek het net daar gebly, getuig, God geprys, deur die donker wolke gedruk, Hy het 'n belofte gemaak, uiteindelik, daar was dit. Hy word naderhand moeg en hardloop weg.

91 Toe vind ons toe, dat die profeet gesien het hy kon haar nie van sy hande afkry nie, so hy het gesê: "Goed, ek sal my lendene omgord, en hier sal ek saam met jou gaan." O, goeiste! En so het Gehási hulle op pad terug ontmoet. Haar geloof . . . Nou, die—die staf sou die werk gedoen het, maar dis waar jou geloof is. So, haar geloof was nie daarin nie, dit was in die profeet.

92 So hier kom hy daar, en almal van hulle wat huil, en die aangaan, en skree, en alle hoop is weg, en alles, ek kan my voorstel hy sê: "Shh, shh, shh, shh! Bly stil."

93 Wat gaan hy doen? Ek wil hê julle moet oplet, hy het in die kamer ingegaan waar die baba op die bed gelê het, die deur agter hom toegemaak, net hy en die baba. Dis waar die suksesvolste tye, wanneer jy alleen uitkom by God. Sien? Kom alleen by God uit.

94 Jesus het gesê: "Gaan in 'n binnekamer in en maak die deur toe. Bid tot jou Vader wat sien wat in die verborgene is, Hy sal openbaar," uh: "Hy sal dit in die openbaar aan julle bekendmaak."

95 So ek kan die profeet sien. Nou, die Bybel het gesê hy het heen-en-weer in die kamer geloop, net geloop. "Here, hier is ek. Wat kan ek doen?" Het heen-en-weer geloop, hy het gewag op die Gees, naderhand het Dit hom getref. Gaan oorkant toe, en lê sy liggaam op die baba se liggaam, begin warm word, het opgestaan en weer begin loop, heen-en-weer geloop.

96 Hy het die salwing groter voel kom, so hy het sy liggaam op die baba gelê, en dit het sewe keer genies. Het dit opgetel, dit uitgebring, dit vir sy moeder gegee.

97 O, hoe klein Bartiméüs van daardie storie gehou het! Hy sou sê . . . [Leë kol op band—Red.]

98 "Sien, God moet Sy doel bereik, Bartimeüs. Sien? God moet iets doen, iemand bring vir 'n sekere ding, Hy verordineer dinge."

"O, Mamma, jy's so mooi, ja, ek het jou net lief, Mamma."

99 "En jy weet, Bartimeüs, voor jy gebore is, jy verstaan dit nie nou nie, Skat, maar voor jy gebore is, het ek jou toegewy aan God, aan Jehova. Weet jy wat? Dit sou my glad nie verbaas, as jou ogies nie die Messias sal sien nie."

En hy het gedink: "O, helaas, as Hy nou ooit sou kom, ek is blind!"

"Maar jy weet, Bartiméüs, God gebruik klein seuntjies tot Sy eer. Hy het 'n doel, en ek glo Hy het 'n doel in die lewe vir jou."

100 Toe, soos hy gedink het dat: "O, dit kan nie nou wees nie, kyk wat dit was. Arme moeder, sy het gebid, sy het al jare gelede heengegaan. Maar ek reken waarvoor sy gebid het, was verlore." Jy weet, op daardie keistene. . .

101 Nee, nee. Daar's nooit 'n opregte gebed wat ooit gebid word, wat dit nie beantwoord word nie. Ek is een-en-vyftig jaar oud, en ek is al een-en-dertig jaar in die bediening, en ek sal sê voor God se Bybel, ek het nog nooit opreg gevra vir enigiets, behalwe dat God dit vir my gegee het, of vir my die rede gesê het waarom Hy nie kon nie. Ek sê dit as 'n dienskneg van Christus. Dis reg. Van die tiene van duisende kere wat ek Hom gevra het vir dinge, Hom opreg gevra het vir enigiets, neem, iets uitgesonder en Hom daarvoor gevra het, Hy my óf sou sê. . . Hy sou dit vir my gee, of vir my sê waarom Hy nie kon nie. So ek weet dit is altyd die beste as ek dit nie kan kry nie.

102 Jou babaseuntjie sou vra vir jou skeermes om daarmee te skeer, sou jy 'n swak vader wees om dit vir hom te gee, hy sou homself seermaak. Hy weet wat goed is vir ons, en wat nie is nie.

103 So, toe sou Bartiméüs so dink: "Weet jy wat? Net 'n entjie hieronder is 'n drif waar Israel oorgegaan het. En dink net, reg langs hierdie selfde pad waar daardie priester 'n rukkie gelede gekom het, het daardie groot profeet Elía met Elisa ingehaak in daardie pad afgekom, afgeloop na die Jordaan om haar weer oop te maak." [Leë kol op band—Red.]

104 Toe, vanaf die tyd wat Israel oorgegaan het tot die groot profeet, Elía, het God gespreek en die see oopgemaak, Hy kon die waters oopmaak. Hy het gedink: "O, as ek net in daardie dag gelewe het! Daardie twee groot profete ingehaak, wat afloop na die Jordaan, een van hulle het teruggekom, die ander een het opgegaan. En die oue het teen Isébel en Agab, en sondes van die wêreld geveg, en net oorkant die rivier was 'n perd daar oorkant vasgemaak aan een of ander bos, en 'n Vuurwa sou hom opneem na die Heerlikheid; die jong profeet gaan 'n dubbele porsie ontvang vir sy bediening om terug te kom, ingehaak geloop."

105 Hy het gesê: "As ek toe op hierdie rots gesit het, sou ek uitgehardloop het en. . ." [Leë kol op band—Red.]

106 "'. . . want jy's 'n man wat God, werklik, maak vir die mense. Vra net vir Jehova, en ek sal my sig ontvang.' Maar die priester sê vir my dat al daardie manne. . . Jehova het jare gelede opgehou om dit te doen." Hulle dink steeds dieselfde ding, maar Hy gaan net dieselfde aan, net, ja, steeds Jehova.

107 Ek stel my voor hy het gedink: "As ek ooit daar kon uitkom en gestop het, wel, dit, daardie profete, sou hulle my beslis geseën het, en ek sou 'n—'n genesing gekry het. Maar dis nou alles verby, dae van wonderwerke is verby, so daar's niks wat ek daaraan kan doen, reken ek, behalwe om net blind hier te sit nie."

108 Die winde het gewaai, en hy het sy . . . homself toegemaak in sy jas, en hy het begin dink aan 'n ander storie, die groot Josua eendag. Nie meer as honderd of twee treë van waar hy gesit het nie, het Israel daardie magtige rivier oorgesteek deur daardie groot prins, Josua.

109 Toe het hy nog 'n storie onthou, dat terwyl hulle daarbuite gekamp het, Israel, God se groot Vuurkolom wat oor hulle hang, eendag het Josua, die groot kaptein, uitgestap om te kyk na sy, sy, 'n strategie te kry oor hoe om daardie mure uit die pad uit te kry, Jerigo. Terwyl hy rondgeloop het, het hy Iemand sien uitstap hom tegemoet, Dit was 'n ander Krygsman. Josua het sy swaard uitgetrek, omdat hy 'n vegter was, hy het sy swaard opgeswaai, en hy het gesê: "Is U vir ons, of is U vir ons vyand?"

110 Toe het daardie groot Kêrel Sy swaard uitgetrek, en die weerlig het van die punt daarvan afgevlieg, Hy het gesê: "Ek is die Leërowerste van die Here. Ek's die Here se Owerste."

111 Die groot, magtige Josua het sy skild neergegooi, sy swaard neergegooi, het sy helm afgehaal, en voor Sy voete neergeval.

112 O, hy mag gesê het: "As ek in daardie dae gelewe het, sou ek ook graag voor Sy voete neergeval het." Maar min het hy geweet dat daardie selfde Leërowerste van die Here, nie 'n honderd treë van hom af was nie, dieselfde Owerste, terwyl hy aan daardie dinge gedink het.

113 Dis gewoonlik wanneer jy aan die Here dink, dis gewoonlik wanneer jy jou gedagtes vestig, nie op iets anders nie, die dinge van die wêreld, of hoe jy 'n klomp geld gaan maak, of watter soort groot organisasie jy gaan bou nie . . .

114 Dis wat fout is met die wêreld vandag, ons het ons gedagtes op die dinge van die wêreld in plaas van op God, laat ons dink aan God. Die Bybel het gesê: "Daar enige lof is, daar enige deug wees, dink aan hierdie dinge." Ons gedagtes dwaal af, en voor jy jou kom kry, het ons daar êrens uitgedwaal, ons dink aan iets anders. Laat ons Jesus op my hart hou, in my gedagtes heeldag lank, dag en nag. Dis die manier.

115 Terwyl hy daaraan gedink het, het hy 'n geluid gehoor. Dis vreemd, waar Jesus ook al is, is daar 'n klomp geraas. Ek weet nie hoekom nie, maar dit is gewoonlik. En 'n klomp geraas kom van binne af. Eerste ding, het die poort oopgebars, en hoor 'n groot geraas, en mense wat hardloop, en party wat skree, "Hosanna, Hosanna aan die Profeet van Galiléa!" Die vroue, en party van die mans.

116 Toe kon hy 'n geskree hoor, en wat Hom bespot: "Jy's niks anders as vals nie!" Oorryp eiers en vrugte na Hom gegooi.

117 Hy het daardie selfde priester gehoor, 'n rukkie tevore, voor hulle die vergadering gehad het om saam te vergader, "Sê, jy sê jy's 'n profeet, ons het gehoor dat jy die dooie man uit die

graf opgewek het. Ons ken jou, bedrieër! Hulle het daardie man daar neergelê, en jou dissipels het dit gedoen, dis niks anders as 'n bedrogspul nie. As jy die dooies kan opwek, ons het 'n hele begraafplaas vol van hulle hierbo, kom, wek sommige van hulle op, ons sal jou glo."

118 Jesus steur Hom nie aan die duiwel nie, Hy het nog nooit. Daardie selfde ou duiwel het eenkeer vir Hom gesê: "As U die Seun van God is, beveel hierdie klippe om in brood te verander." Hy kon dit gedoen het.

119 Een van hulle het 'n lap om Sy gesig gesit eendag daaronder in die howe, dit om Sy gesig gesit, Sy oë, en Hom op die kop geslaan met 'n stok, die spotters, en gesê: "As jy 'n profeet is, sê vir ons wie jou geslaan het." Sien daardie ou duiwel?

120 Dieselfde ou duiwel lewe vandag nog, "Gaan hiernatoe en genees ou man *So-en-so* op die hoek. Gaan hiernatoe na *so-en-so*, en genees hulle."

121 Ons laat ons nie beveel deur die duiwel nie. Jesus het gesê: "Ek kan niks doen totdat die Vader My eers wys wat om te doen nie. Want Hy werk, en Ek werk tot nou toe." En Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

122 So jy enigiemand so-iets hoor sê, stap weg, dis die duiwel. Ons laat ons nie deur Satan beveel nie. Ons kom net van Bo, wanneer Hy ons wys wat om te doen, dan gaan doen ons dit. As Hy Mnr. Jones op die hoek genees wil hê, sal Hy Sy dienskneg vertel, en hy sal soontoe gaan en hom genees, sien, dis reg, net volgens Sy bevele. "Ek doen niks totdat die Vader My eers wys wat om te doen nie," Johannes 5:19.

123 Nou, ek kan daardie priester hoor uitroep na Hom: "Jy's niks anders as 'n bedrieër nie!"

124 Jesus, die laste en sondes van die wêreld op Hom, Hy was reguit op pad na Gólgota, reguit na Jerusalem om opgeoffer te word in die hande van sondige manne, die Heidene, hulle moes Hom kruisig. Al die laste en sonde van, elke sonde wat ooit op die aarde gedoen is, of ooit gedoen sou word, het op Hom gerus.

125 En hulle het gelag, Hom bespot; ander wat skree: "Hosanna aan die Profeet van Galiléa, die Seun van Dawid!"

126 Dis hoe dit vandag is reg in Beaumont, Texas. Party van hulle sal lag en spot, party glo die storie. Dit was altyd so, en dit sal altyd so wees, tot die voleinding, sal dit so wees, 'n gemengde skare.

127 Elke herlewing bring 'n tweeling voort. Die twee seuns van Jakob, of, Isak is goed verteenwoordig. Elke keer wat daar 'n herlewing is, is daar 'n Esau gebore en 'n Jakob gebore: Een godsdienstige man van die wêreld wat styf word, en 'n kweekskool ondervinding kry, en die ander een wil daardie geboortereg hê ongeag hoe hy dit moet kry. As hy 'n holy-roller

moet wees, of enigiets anders, hy wil die geboortereg hê, ek gee nie om nie.

128 Dis wat die probleem is met die mense vandag, hulle is bang vir daardie geboortereg. O, hoe hulle dit haat! Maar dit bring 'n tweeling voort. Die manne van die wêreld, baie godsdienstig geneig, gee goeie aalmoese, en dinge, maar gee net niks om vir die geboortereg nie.

129 Daardie twee groot faksies het geveg vandat die wêreld begin het, en hulle is omtrent gereed om net nou tot 'n punt te kom waar, iets wat Jesus gesê het: hulle sou so na aan mekaar wees, hulle sou die einste Uitverkorenes mislei as dit moontlik was. Dis waar. Julle sien watter misleidende uur waarin ons lewe.

130 Bly by die Woord, broer, moenie daardie Woord verlaat nie. Dis reg. Die Woord sal vir Homself spreek.

131 Dan kan ek my voorstel arme ou Bartimeüs wat probeer opstaan, sê: "Waaroor gaan dit alles?"

"Gaan sit!"

"Waaroor gaan die geraas? Wat? Wie het iets gedoen?"

132 Niemand wou hom help nie; hy was blind. Ek haat dit om dit te sien, net 'n arme ou, blinde man rond te stoot. Toe voor jy jou kom kry, moes daar 'n, ek gaan dink, 'n jong dame gewees het wat verbygekom het, en die ou kêrel is teruggestoot, en hy het op sy knieë probeer opkom in sy ou vodde, sy het hom mooi en saggies opgehelp. Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat jy blind is."

"Ja, juffrou. Jy's so goed vir die blindes."

"Ja, ek het 'n gevoel vir die blindes, of vir enigiemand in nood."

133 "Juffrou, sal jy vir my sê, niemand wil vir my sê, waaroor is die geraas nie? Ek is al vir baie jare hier, ek het nog nooit so 'n —'n lawaai gehoor nie. Almal sê *een* ding, en een iets *anders*."

"O, meneer! Het jy nooit geweet dat Jesus van Násaret, die Profeet, verbygaan nie?"

"Wie?"

"Jesus van Násaret."

"Wel, Wie is Jesus van Násaret?"

"Jy is 'n Jood, is jy nie?"

"O, ja."

134 "Wel, het jy ooit geweet in die Skrifte dat—dat die Here ons God 'n Profeet sou oprig soos Moses, en Hy die Messias sal wees?"

"O, ja. Ek het nou net daaraan gedink, ek het nou net daaraan gedink. O, ja, Hy sal die Seun van Dawid wees."

"Wel, dis Wie verbygaan!"

"Wat's Sy Naam?"

135 "Jesus van Násaret, Hy's die Messias. Ek het Hom sig sien gee aan die blindes. O, jy moes Hom vanmôre gesien het! Hy het beslis Sy Messiasskap bewys toe Hy in die suidelike kant van die stad ingekom het. Jy moes Hom gesien het! Onthou jy 'n mannetjie hier in die stad met die naam van Saggéüs?"

"O, ja, Rebekka se man."

"Ja."

"Hy het my al baiekeer aalmoese gegee, hy's 'n handelaar."

136 "Um-hum. Wel, hy is soort van klein van postuur, jy weet. En Rebekka het die diens bygewoon. En ek is 'n dissipel van hierdie Here Jesus, en ons word geleer as Christene, Sy dissipels, om te eer en goedhartig en getrou te wees." Dis, alle Christene doen dit, betoon hoflikheid, sien. "En dis hoekom ek wil hê jy moet verstaan, meneer. En vanmôre was ek teenwoordig, want ons het geweet Hy sou kom. En Rebekka het so lank gebid dat Saggéüs . . .

137 "Hy's 'n goeie man, maar hy's soort van eiewys, omdat hy so sterk leun na die sinagoge. En jy weet Rabbi Kavinski, daar oorkant, hy—hy hou net eenvoudig nie van Jesus van Násaret nie, en hulle het 'n predikersvereniging hier gehad, en hulle het vanmôre vergader en Jesus gekeer om wonderwerke in die stad te doen, Hom uitgedryf, so Hy het net uitgestap.

138 "Maar jy weet, Rebekka het so hard gebid dat Saggéüs in die Here Jesus sou begin glo as God se Messias, en sy het al die dinge vertel wat Messias gedoen het, en hoedat Hy 'n Openbaarder van die verborgenhede van die hart sou wees, ensovoorts.

139 "Weet jy wat Saggéüs gedoen het? Hy is soort van kort van postuur, so hy was baie vroeg onder by die poort," waar ons weet dit moes wees. "En jy weet, toe hy sien hy gaan te klein wees om Hom te sien, so ek's seker . . . Ek en Rebekka het ooreengekom, met mekaar, ons sou bid dat as die Messias sou wees . . . hy sou wees . . . die Messias sou herken.

140 "So ek het Saggéüs dopgehou, hy het *ver* in Hallelujastraat afgehardloop en by Glorieweg gekom. En jy ken daardie wildevyebome wat daar staan?" Met ander woorde, daar was palms. Gesê: "Hy het daar opgeklim, en hy het gesê: 'Nou, ek sal vir my 'n plek kry om net hier te sit in 'n mik. Ek sal gaan sit, een been *hieroor* sit, en een oorkant aan *hierdie* kant, Ek sal Hom sien wanneer Hy om die hoek gaan, want Hy volg altyd Hallelujalaan en Glorieweg. Hy bly altyd reg op hulle, so ek weet ek sal Hom daar ontmoet.' So hy het gaan sit waar twee takke bymekaarkom."

141 Nou, dis waar baie mense sit vanaand, waar jou weg en God se weg bymekaar kom, daar moet 'n besluit geneem word. Jy mag hier wees vanaand in daardie selfde toestand.

142 “Wel, hy het begin dink daarbo, hy het ons ’n rukkie gelede vertel na wat gebeur het, dit het. So die predikersvereniging wou Hom nie na die ouditorium toe laat gaan om die diens te hou, so, wat Hy sou hou nie. So Saggéüs, hy het bo in die boom geklim, en hy het gesê: ‘Rebekka het vir my gesê dat hierdie Man die gedagtes van die hart kon onderskei. Nou, ek glo nie in . . . Rabbi Kavinski, my pastoor, het vir my gesê dat daardie ding nooit meer gebeur het nie.’”

143 As daar ’n Rabbi Kavinski hier is, vergewe jy my. Ek gebruik dit net vir . . . Sien? Of ek kan sê die staatspresbiter, of so-iets, of distrikssuperintendent, of julle weet, net enigiets sal werk, soos daardie. Julle weet waarna ek verwys. “So toe, in elk geval, kom hy bo in die boom, en hy . . . ” Of Doktor, Ph.D., LL.D., of enige van hulle, julle weet.

144 “So hy kom bo in die boom, hy het gesê: ‘Weet jy wat? Ek gaan seker wees dat daardie Kêrel niks van my af weet nie. So hy het al die blare beetgekry en hulle oral om hom getrek, hy het homself gekamoefleer.” Hy was ’n klein mannetjie, in elk geval, wat op hierdie tak gesit het, jy weet, soos *hierdie*. “So hy het een blaartjie daar gelos, dat hy, soos ’n deur, hy kon opkyk en Hom sien toe Hy uit Hallelujalaan uitgedraai het, opgegaan het in Glorieweg, want dit was net daar naby op die hoek. En naderhand, terwyl hy daar sit,” het sy gesê: “moes jy hom daarvan hoor getuig het, meneer!”

145 Jesus het verbygegaan. En die ou blinde man het na die storie geluister, want hy het geweet wat moeder vir hom gesê het daardie Messias sou wees, so hy luister na hierdie storie. Jesus het aangegaan, hulle het goed na Hom gegooi, en Hom bespot, en Hom gesê, kom wek die dooies op, dat hulle sou sien daar was geen bedrog daarin nie, ensovoorts soos daardie. En—en so, soos hulle . . .

146 Gesê: “En hy het ons toe vertel dat hy onder hierdie blare weggekruip het, en hy het hierdie deurtjie oopgelos. Toe, toe—toe . . . Weet jy wat? Gesê: ‘Wanneer Hy verbykom, sal ek net oorloer en na Hom kyk.’ Gesê: ‘Omdat al die ander na Hom gekyk het, wel vir aansien onthalwe, sal ek net na Hom kyk.’ So hy het weggekruip, sodat Hy hom nie sou sien nie.”

147 “So hy het die deksel opgelig, en naderhand het Jesus hier aangekom, en ’n vrou wat uitkom, en ’n yslike groot apostel voor, Simon Petrus, met elf ander, wat sê: ‘Ek’s jammer, die Profeet is baie moeg, ons moet Hom nou wegneem. Hy—Hy’s soort van . . . het nie die diens daaronder gekry nie, so ons moet teruggaan uit die stad uit.’”

148 En gesê: “Hy het Hom ’n paar minute dopgehou, en Hy het reguit oorgekom, die deksel nog ’n bietjie opgelig en gekyk, gesê: ‘Jy weet, ek hou soort van, van hoe daardie Kêrel lyk.’” Daar’s

net *skynbaar iets*, jy nooit reguit na Jesus kan kyk en ooit weer dieselfde voel nie, *iets* daaromtrent, Hy jou net sal aangryp.

149 "So hy het sy blaartjie soos *hierdie* geneem, en dit opgelig, en gesê: 'Huh! Ek het Hom beslis hierdie keer mislei, ek het bo in die boom geklim. En dis die Kêrel wat die verborgenhede van die hart ken? Huh! Wel, Hy—Hy mag 'n Profeet wees, vir al wat ek weet.' En hy kom nader soos *hierdie*.

150 "Hy het reg onder die boom gestop, Hy het opgekyk en gesê: 'Saggéüs, kom af.' Nie net het Hy geweet hy was in die boom nie, Hy het sy naam geken."

151 "O," het Bartimeüs gesê: "dis Hy! Dis die Seun van Dawid! O, Jesus, U Seun van Dawid, wees my genadig!" Daar gaan Hy, in 'n skare van duisend, miskien sewe of agtduisend mense, wat *een* ding skree, en 'n *ander*, "Jesus, U Seun van Dawid, wees my genadig! Wees my genadig! Ek glo dat U die Profeet is wat sou kom. O U Seun van Dawid!"

152 Nou, hy kon Hom nie aanraak nie. [Leë kol op band—Red.] Ek kon sommer maklik daaroor preek. O, wat geloof in God sal doen! Wie? Moet 'n biskop wees? Distrikpresbiter? Doktor LL.D. Jones? Nee, meneer. 'n Bedelaar, gehawend, blind, maar het genoeg geloof gehad.

153 Kyk na die las op Hom, met alles wat Hom in die gesig staar, sonder twyfel was die stank van vrot vrugte aan Sy klere, en dinge wat hulle gehad het, groente, wat hulle na Hom gegooi het, maar Hy het Sy kop gehou, Hy was op pad na Gólgota. Die hele wêreld het op Sy skouers gelê, maar die geloof van 'n blinde bedelaar het Hom gestop en Hom laat stilstaan. Amen.

154 Dieselfde magtige leërskare van die Here wat die son gestop het vir Josua. Josua het die s-o-n met geloof gestop, maar blinde Bartiméüs het die S-e-u-n gestop met geloof. En daardie selfde geloof sal Hom uit die Heerlikheid uitbring, waar Hy die sonnestelsel beheer, en die heelal, sal Hom afbring in hierdie tabernakel vanaand, daardie selfde kinderlike geloof.

155 Hy het gestop en stilgestaan, rondgekyk. Hulle het hom soontoe gebring. Hy het gesê: "Jou geloof het jou genees." Huh! O, goeiste!

Daar het hy aangestap, die dametjie wat hom aan die arm vasgehou het, sy moes gesê het: "Het jy gehoor wat Hy gesê het?"

"O, ja! O, dink, Hy het vir my gesê ek sal my sig kry."

156 Die optog het voortbeweeg met die pad af, Hy was op pad teen die berg op om gekruisig te gaan word. Hy het gesê: "Ontvang jou sig, jou geloof het jou gered."

157 Net soos jou geloof jou red van die hel, word dieselfde Griekse woord gebruik, *Sozo*. Ja, dieselfde, elke keer wat dit vertaal word, fisies gered, of geestelik gered word, dieselfde geloof doen dieselfde ding. "Jou geloof het jou gered."

158 O, sy geloof het Jesus gestop, en Hom laat stilstaan. So, het hy gesê: "Hy het vir my gesê! Hy is die Messias. Hy het. . .Hy het al die tekens van Messias, en Hy het vir my gesê ek sal my sig ontvang, ek is tevrede dat ek dit sal ontvang. O, ek's tevrede! Ek's tevrede!" Het hy begin sê.

Net toe het hy 'n skaduwee gesien: "Huh! O, ek het my sig ontvang!" En in die pad af het hy gegaan.

159 Wanneer Hy enigiets sê, hou net aan om dit te glo.

160 Ek het 'n storietjie gelees, mag fiksie wees, miskien nie, ek weet nie, oor Bartimeüs, dit het gesê hy het 'n vrou en 'n dogtertjie gehad. En gesê dat sy vrou een aand siek geword het, so hy—hy het uitgegaan, hy het gesê: "Jehova, die enigste ding wat ek het om vir U aan te bied. . . "

161 Hulle moes een of ander soort vermaak hê om die aandag te trek, die bedelaars het, soos hulle in Indië het. As 'n bedelaar in Indië nie iets het om die aandag van die—van die verbyganger te trek nie, sal hy nooit 'n muntstuk kry nie, sal selde, in elk geval. Hulle het klein apies, die klein apie sal die man slaan, en hy sal hardloop asof hy skree en huil. Hulle het 'n kobra, 'n slang, wat veg teen 'n—'n diertjie, en hulle. . .en alles om te vermaak, vir *een of ander ding* om hulle 'n muntstuk te laat gee.

162 So, hulle het gesê dat Bartiméüs twee tortelduifies gehad het, hulle sou tuimeltoertjies oor mekaar doen. Hy het gesê: "Jehova, ek het nie veel nie, maar as U net my vrou sal laat lewe, die dokter het pas vertrek en gesê sy gaan sterf, ek het haar so nodig, as U haar net sal laat lewe, sal ek môre-oggend vir U my twee tortelduiwe gee as 'n offerhande."

163 En sy vrou het gesond geword, so hy het die tortelduiwe geoffer. 'n Paar weke later, hy. . .gesê hy het 'n dogtertjie gehad wat hy nog nooit in sy lewe gesien het nie, 'n klein, krul-kop dogtertjie. Een aand het sy baie erg siek geword, en die goeie geneesheer het weer gekom, hy het gesê: "Bartiméüs, die kind is amper histeries, ek dink die kind gaan sterf."

"O," het hy gesê: "goeie Geneesheer, is jy seker?"

164 "Sover my mediese opleiding my sal laat weet, is die kind nou sterwend. Die koors gaan in 'n spasma in, en daar's niks wat daarvoor gedoen kan word nie."

165 En hy het uitgegaan, die kant van die huis in die maanlig, langs die kant gevoel, hy het gesê: "Jehova, ek het net een ding oor."

166 Ek weet nie watter soort hond hulle dit vandag noem, wat die blindes lei nie, ek vergeet. ['n Broer sê: "Gidshond."—Red.] Gidshond. Wel, in plaas van 'n—'n hond wat die blindes lei in daardie dag, het hulle 'n lam gehad wat die blindes sou lei.

167 So Bartiméüs, het hulle gesê, het 'n—'n lam gehad wat hom gelei het, hy het gesê: "Dis al wat ek het om te gee, Jehova, maar

ek het my dogtertjie so lief, as U haar net sal laat gesond word en nie sterf nie, sal ek môre na die—die tempel toe gaan, en ek sal—ek sal vir U daardie lam as 'n offerande gee."

168 Die dogtertjie het gesond geword. Die volgende oggend, was hy op sy pad om die—die lam na die offerande te neem. En gesê die priester het uitgekom, en gesê: "Waarheen gaan jy, Bartiméüs?"

169 Hy het gesê: "O, Priester, dienskneg van God, ek gaan na die tempel toe om my lam as 'n offer te gee." Hy het vir hom die storie vertel van sy dogtertjie wat siek was, en gesê: "Ek het vir Jehova aangebied, toe Hy my vrou genees het, het ek die duiwe geoffer, toe, toe my dogtertjie gesond geword het, het ek vir Hom gesê ek sou vir Hom die lam gee."

170 Hy het gesê: "O, Bartimeüs, jy kan nie daardie lam offer nie! Hier, ek sal vir jou geld gee, en jy koop vir jou 'n lam van die wisselaars daarbuite, die krale. Koop 'n lam, ek sal vir jou die geld gee om dit te koop."

171 Hy het gesê: "O, Priester, dis vreeslik gaaf van jou, maar ek het nooit vir Jehova *'n* lam aangebied nie, ek het vir Hom *hierdie* lam aangebied." Daar het jy dit, broer. Ek is seker julle begryp die geestelike toepassing daar. "Ek het Hom nooit *'n* lam aangebied nie, ek het vir Hom *hierdie* lam aangebied."

"Wel," het hy gesê: "Bartiméüs, jy kan nie daardie lam offer nie, daardie lam is jou oë!"

172 Hy het gesê: "O, priester, as ek getrou sal wees aan my belofte aan Jehova, sal Jehova 'n Lam voorsien vir Bartiméüs se oë." Dis wat Hy gedoen het, Hy het 'n Lam voorsien. Op hierdie koel, lente-oggend, het Jehova 'n Lam voorsien vir blinde Bartiméüs se oë.

173 Laat ek dit vir my wagtende gemeente sê vanaand: Daardie selfde Lam word vanaand vir julle voorsien. "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." En ons geloof, vanaand, kan daardie selfde Lam van God reg afbring in ons midde om dieselfde wonderwerke en tekens te doen wat Hy gedoen het voor Jérigo, en die res van hulle. Glo julle dit?

Laat ons bid.

174 O Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem, ek kom nou na U toe met my hele hart vir hierdie siek mense. Hulle wag geduldig, baie van hulle staan, hulle ledemate pyn, maar U is God, U sal hulle beloon.

175 Hulle het, wat hier lê, sakdoeke en klein pakkies materiaal, ek lê my liggaam oor hulle in die Naam van die Here Jesus, en vra dat U U krag en seëninge saam met hulle sal stuur, elke siek persoon te genees wat hierdie verteenwoordig, vir daardie klein

koorsige babatjie wat wag vir *hierdie* een, vir daardie arme ou, blinde pappa wat daar sit vanaand in daardie huisie met daardie wit kierie wat teen die deur slaan. O Jehova, gaan daar uit in die midde, Here, en genees hulle; U is God.

176 Daar's baie oorkant in daardie. . .in die hospitaal wat wag, 'n siek persoon wat sterf, alle hoop is weg; U is steeds Jehova God. Hulle kon nie na die diens toe kom nie, maar U kan gaan na waar hulle is, Vader. Ek bid dat U dit so sal gee.

177 Ek bid dat U genade nou op die mense sal rus. Gee die genesing van elke siek persoon wat hier is, die verlossing vir elke siel wat verlore is, die doop van die Heilige Gees vir elke gelowige, dat hierdie diens mag afsluit in 'n groot klimaks met die Lam van God wat hulle lei in die paaie van geregtigheid, na die groot genesingsfonteine van God se genade, na die groot verlossingspoele van Sy Heilige Gees. Skenk dit, Here.

178 Ek vertrou hulle nou toe aan U, saam met my, dat U Uself mag wys dat ons geloof vanaand, soos die blinde bedelaar waarvan ons pas gepraat het, die Teenwoordigheid van die Lam van God in ons midde kan bring om dieselfde tekens te doen wat Hy gedoen het toe Hy hier was. En al die mense sal U glo, Vader, vertrou ek—ek met my hele hart, soos ek onsself aan U toevertrou, in afwagting op U Gees om die Woord te bevestig wat gepreek is met tekens wat volg. Amen.

Ek het Hom lief,

Aanbid Hom nou.

Ek het Hom lief,
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

O, is Hy nie wonderlik nie? Laat ons net ons hande opsteek vanaand, dit net neurie.

Skud nou hand met 'n pelgrim naby jou, iewers.

Ek. . .
. . .my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

Wonderlik, wonderlik, is Jesus vir my,
Die Raadsman, Vredevors, Sterke God is Hy;
Wat my red, my weerhou van alle sonde en skande,
Wonderlik is my Verlosser, prys Sy Naam!

O, wonderlik, wonderlik, is Jesus vir my,
O, Raadsman, Vredevors, Sterke God is Hy;
O, wat my red, my weerhou van alle sonde en skande,
Wonderlik is my Verlosser, prys Sy Naam!

Eers was ek verlore, nou is ek gevind, vry van
alle oordeel,
Jesus gee vryheid en 'n volkome verlossing;
Wat my red, my weerhou van alle sonde en
skande,
Wonderlik is my Verlosser, prys . . .

O, laat ons net ons hande opsteek wanneer ons dit sing.

O, wonderlik, wonderlik, is Jesus vir my,
Raadsman, Vredevors, Sterke God is Hy;
O, wat my red, my weerhou van alle sonde en
skande,
Wonderlik is my Verlosser, prys Sy Naam!

179 O, laat Hy julle nie goed voel nie? Goeiste, wat 'n gevoel! Weet julle hoekom ek julle laat sing? Ek hou van sing. Hou julle nie van sing nie? Na die boodskap, voel dit net asof die Woord van God julle net—net uitskuur. Sien? En dan hou ek van goeie ou Pinkstersang. Ek haat 'n ooropgeleide stem, wat nie sing nie, jou asem ophou tot jy blou in die gesig is, en, dan sit jy net aan. Ek hou net van goeie, outydse sang. O, goeiste! Ek hou van:

Wonderlik, wonderlik, is Jesus vir my,
Raadsman, Vredevors, Sterke God is Hy;
O, wat my red, my weerhou van alle sonde en
skande,
Wonderlik is my Verlosser, prys Sy Naam!

Is Hy nie wonderlik nie? Julle weet, daar is een lied wat ek altyd wil sing, dit is *Niks Tussen My Siel En Die Verlosser Nie*.

180 En ek kon nog nooit sing nie, ek kan glad nie sing nie. Maar een van hierdie dae, wanneer julle almal oorgaan na julle groot paleis in die Hemel, gaan ek julle 'n bietjie insig gee van iets, en heel onder, ver daar onder, wanneer jy in jou groot, paleisdeur staan, een oggend uitstap, *ver* daar onder, en rondom waar die Rivier sy draai maak nadat dit uit die Heerlikheidtroon uitgekom het, julle weet, daar's 'n klein stukkie woud wat daar oorkant staan, en daar's 'n klein, houthuisie, wat myne is, en dan, wanneer—wanneer jy daar onder kom een oggend, uitstap op jou stoep, moet jy luister, wat daar onder op daardie ou stoep staan . . . [Leë kol op band—Red.] " . . . Ek was eens verlore, maar nou is ek gevind, was blind, maar nou sien ek."

181 Weet julle wat ek wil hê julle moet sê? "Prys God, ou Broer Branham het dit gemaak! Daar is hy nou, reg daar onder." Ja, meneer. O!

Wanneer ons tienduisend jaar daar was,
Helder skyn soos die son;
Sal ons nie minder dae hê om Sy lof te besing
As toe ons eers begin het nie.

Laat ons dit sing, almal.

Genade onuitspreeklik groot! hoe soet die klank,
Wat 'n ellendeling soos ek gered het!
Ek was eers. . . [Leë kol op band—Red.] . . . verlore, maar nou is ek gevind,
Was blind, maar nou sien ek.

O, hoe lief het ek Jesus,
O, hoe lief het ek Jesus,
O, hoe lief het ek Jesus,
Omdat Hy my eerste liefgehad het.

182 Amen. Amen. Sing in die Gees! Ek hou daarvan, nie waar nie? O, ek wil oorkant langs die heuwel sit waar daar 'n klein bossie is wat oorkant staan aan *hierdie* kant van die boom van . . . uit die fonteine van die Lewe en ek hoor die groot, julle almal se groot stemme, die Engele wat saamsmelt met julle daar oorkant wat sing aan die ander kant van die Rivier, ek wil sit en luister vir tienduisend jaar. O, ja. O, hoe ek Hom liefhet! Is Hy nie wonderlik nie? Is beslis.

183 Nou, voel julle baie lekker? Nou dis wat ek outydse sang noem, sing in die Gees. Ek sal dit liewer hê as al hierdie klein, verkorte liedjies wat julle sing. Ek dink daardie geïnspireerde skrywers, toe hulle daardie liedere geskryf het. . . Soos Eddie Perronet die inhuldigingslied geskryf het toe hy sy pen opgetel het. Almal was, wou nie sy gedigte en dinge koop nie, en eendag het die Gees op hom geval, hy het die pen gegryp, die inhuldigingslied geskryf:

Begroet die krag van Jesus' Naam!
Laat Engele laag neerval;
Bring uit die koninklike kroon,
En kroon Hom Here van alles.

Nog een het geskryf:

Wanneer ek die wonderlike kruis aanskou,
Waarop die Prins van die Heerlikheid gesterf het
Is my roem maar net verlies.

Nog een het geskryf:

In Sy lewe, het Hy my liefgehad; in Sy dood, het Hy my gered;
In Sy begrafnis, het Hy my sondes ver weggedra;
In Sy opstanding, het Hy vir ewig vrylik geregverdig:
Eendag kom Hy—o, glorieryke dag.

Ek dink aan blinde Fanny Crosby. Gesê: "Wat bedoel Jesus om. . .?" [Leë kol op band—Red.]

. . . U ander roep,

Moenie by my verbygaan nie.

U die Stroom van al my troos,
Meer as lewe vir my,
Wie het ek op aarde behalwe U,
Of wie in die Hemel behalwe U?

184 Goeiste, goeiste, hoe wonderlik is Hy! Nou, daardie groot, wonderlike Christus, die Een wat ons die ou gesange van die geloof sing, ons voorvaders, destyds in die dae van Spurgeon, John Wesley, en Charles Wesley . . . Ek en Broer Moore het by die graf gestaan nie lank gelede nie, ek het net gehuil.

185 Ek het gedink: "O God!" toe ek daar by William Cowper se graf gestaan het. Toe hy . . . Hulle het gedink hy was 'n neuroot. Enige mens wat geestelik is, word as mal beskou, ons weet dit, enigiemand. So, hy het in die Gees gekom, daardie beroemde lied geskryf:

Daar is 'n Fontein gevul met Bloed,
Getrek uit Emmanuel se are,
Wanneer sondaars onder die vloed gedompel word,
Verloor al sy skuldvlekke.

186 Weet julle wat het gebeur? Onmiddellik nadat die Gees hom verlaat het, het hy selfmoord probeer pleeg, verdrink in die rivier. Ja. Die Gees het hom verlaat, hy het skaars geweet waar hy was. Daardie groot manne, misverstaan!

187 Ek het daar gestaan, en ek het gedink: "Toe Charles Wesley onder op die rivier was daardie dag, of die oewer van die meer in sy hutjie, het 'n storm opgekom, en hy het probeer om sy pad terug te vind, 'n klein mossie het in sy bors vasgevlieg, en hy het dit vasgehou tot die storm verby was, uitgegaan en dit op sy vinger gehou, en hy was . . . inspirasie het gekom:"

Rots van die Eeue, geklief vir my,
Laat ek myself verberg in U;

Terwyl die naderende waters rol,
Terwyl die storm nog hoog is,
Verberg my, O my Verlosser, verberg,
Tot die storms van die lewe verby is,
Lei veilig na U boesem.

O, goeiste, groot manne!

Lewens van groot manne herinner ons almal
Ons kan ons lewens groot maak,
Met afskeid, agter ons laat
Voetspore op die sand van tyd;

Voetspore, wat miskien 'n ander,
Terwyl hy oor die lewensoseaan seil,
'n Verlate en skipbreukeling broer,

Deur dit sien, weer sal moed skep. (Ek hou daarvan.)

Sê my nie, in droewige getalle,
Dat die lewe net 'n leë droom is!
Die siel dood is wat sluimer,
En dinge nie is soos hulle lyk nie.

Ja, die lewe is eg! En die lewe is ernstig!
En die graf is nie sy bestemming nie;
Want stof is jy, na stof keer jy terug,
Is nie gesê van die siel. (O, ek hou daarvan!)

Laat ons op en aan die gang wees,
Met 'n hart vir enige stryd;
Moenie soos stomme, aangejaagde beeste wees nie! (Moenie daarin gedryf word nie.)
Wees 'n held in die stryd!

188 O, goeiste, daardie digters en dinge verkwik beslis my siel wanneer ek lees van daardie goddelike manne wat hulle geskryf het, soos die *Psalm Van Die Lewe* daar, Longfellow. En hoedat, ek dink dat God daardie dinge neergeskryf het, daardie manne van ouds, soos dit gesê het in die Bybel, beweeg deur die Heilige Gees daardie ou Bloedliedere geskryf het, *Ek Sien 'n Karmosyn Stroom Van Bloed,* al daardie beroemde, ou liedere van die kerk, dis baie beter as sommige van hierdie ou, verkorte goed wat ons vandag het, broers, ek sê julle dit is. Ek hou van daardie *Outydse Godsdiens*, hou van al daardie goeie ou liedere van die geloof.

189 Goed. Terwyl die Heilige Gees hier is, sal ons die gebedsry roep, en vir die siekes bid. Almal kry nou julle geloof, en in julle hart, julle hoef dit nie in julle mond te sê nie, onthou julle, julle—jou gedagtes is harder in die Hemel as wat julle stem op aarde is, sien, sê dit: "O Jesus, U Seun van Dawid, wees my genadig!" Kyk of Hy dieselfde ding sal doen wat Hy gedoen het.

190 Saggéüs, trek net jou vyeblaar oop eenkeer, kyk af, kyk of Hy nie steeds dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid nie, kyk of Hy nie dieselfde ding doen nie. Hy sal jou uittrek, met jou praat, en die goeie ding: Hy sal saam met jou huis toe gaan vanaand, praat met Hom voor julle bed toe gaan, jy en jou vrou. Huis sal verander word, dit sal nie wees soos dit altyd was, wanneer Hy saam met julle huis toe gaan nie.

191 Billy, waar is jy? Gene, Leo, wie het die gebedskaartjies uitgegee? Jy? O, o, Billy? Waar is Billy? Wat? D? Een tot 'n honderd? Gebedskaartjie D's is vandag uitgegee. Nou, sodat ons nie deurmekaar sal raak nie . . . Het ons genoeg plek daar? Ek reken ons kan 'n paar daar laat staan, van ons broers.

Wie het D, nommer een? Goed, dame, gaan reguit hiernatoe. Nou, antwoord as jy geroep word. Nommer twee . . . [Leë kol op band—Red.]

192 . . . vind plaas, pragtig. Daar was 'n man en sy vrou, die eerste keer wat hulle ooit in een van my dienste was, hulle het in die gehoor gesit, 'n dame het ingekom, en langs hulle gaan sit, en die dametjie het nie daarvan gehou nie. Die dame het naby gesit, want sy was in haar pad, het haar laat terugbeweeg. Naderhand het die dametjie haar laat terugbeweeg. Sy ge- . . . Hierdie vrou wat moes terugbeweeg, sy het nie van die vrou gehou wat nie van haar gehou het nie, so sy het begin bid, sy het gesê: "Here, ek moes dit nie gedoen het nie. Vergewe my, ek het dit nie bedoel nie."

En toe, het die dame wat voor was, wat nie van haar gehou het nie, gesê: "Suster, ek's jammer. Ek het nie bedoel om dit te doen nie."

193 En die twee, die man en vrou was siek. En, o, net 'n klein rukkie nadat dit gebeur het, het ek die Engel van die Here bo hulle sien staan, hulle op die naam geroep en hulle albei genees, en hulle teruggestuur na hulle huis toe. Lake Charles sal daarvan weet. [Leë kol op band—Red.]

194 . . . neem die agterste sitplek, suster, broer. Verdra mekaar. Goed. Een-en-twintig, -twee, -drie, -vier, -vyf. Goed. Een-en-twintig, twee-en-twintig, drie-en-twintig, vier-en-twintig. [Leë kol op band—Red.]

195 . . . Gees het afgekom, hom vertel wat hy deur die dag gedoen het, en wat hy gedoen het, wat hy wou hê, en o, goeiste, hy het gesê: "Dis nie meer nodig dat ek staan nie." En by die deur het hy uitgegaan. O!

Ek sal Hom nooit verlaat nie,
Ek sal nooit verlaat . . . (Bedoel jy dit regtig?)
Ek sal Hom nooit verlaat nie,
Omdat Hy my eerste liefgehad het.

Onder by die kruis waar my Verlosser gesterf het,
Onder . . . vir reiniging van sonde ek uitgeroep het;
Daar aan my hart is die Bloed gewend;
Ere sy Sy Naam!

Ere . . . (Veertig tot vyftig nou. Een-en-veertig, -twee, -drie, -vier, -vyf.)
Ere sy Sy kosbaar' Naam!
. . . aan my hart is die Bloed gewend,
Ere sy sy Naam! (Ses-en-veertig, sewe-en-veertig.) [Leë kol op band—Red.]

. . . wonderlik gered van sonde,
Jesus so lieflik . . .
Daar by die kruis waar Hy my ingeneem het;
Ere sy Sy Naam!

Sing, ere sy Sy . . .

Laat ons nou ons hoofde buig terwyl ons sing.

Ere sy Sy kosbaar' Naam!
Daar aan my hart is die Bloed gewend;
Ere sy Sy Naam!

Nou saggies. Nou kom in die Gees.

O, daar aan my hart is die . . .

Is al die gebedskaartjies nou hier? Jy 'n gebedskaartjie het, gaan oorkant na die ry toe. Nou stil en eerbiedig nou.

O, kom, na hierdie Fontein so ryk en soet;
Nou, werp jou . . . siel voor die Verlosser se voet;
Spring in vandag, en word weer heel;
Sing, ere sy Sy Naam!

Ere sy Sy kosbaar' Naam!
Daar aan my hart was die Bloed gewend;
Ere sy Sy Naam!

196 Dierbare Here, soos die orrel daardie pragtige ou lied speel, daar's baie hierbinne, Here, kan deel in hierdie gemeenskap, om te weet dat dit is waar ons sondes heeltemal weg was, toe ons deur geloof onder daardie bloedrooi Stroom gedompel is, die weerlig wat geflits, die donderslae wat gedreun, die Bloed van die Seun van God, Emmanuel se are wat gebloei het, soos daardie reën neergestort het oor die kruis, gemeng met Bloed en water, oor ons siele uitgegiet is, Here, deur geloof. Ons sal altyd *Ere sy Sy Naam* sing. Ons dank U hiervoor, Vader.

197 Nou, soos ek net miskien . . . Vergewe net my kru maniere, Here, om U Woord te bring, maar ek, dis die beste wat ek kan doen. En ek bid dat U dit sal ontvang, en die doel daarvan in die harte van die mense sal plant, Vader, dis om geloof na die mense te bring.

198 Nou, hulle weet wat U was, elke aand het ons 'n ander Skrif êrens genader om te bewys dat U . . . daardie selfde Messiaanse tekens, oral in die Skrif, Dis net vol van hulle, Here. Miskien het hulle dit nog nooit tevore gelees nie, reg bo-oor dit gelees.

199 So het die Fariseërs en Sadduseërs van hulle dae, die leraars, reg bo-oor dit gelees, dat Hy dit moes wees. Sonder twyfel die einste dag wat Hy gekruisig is, mag hulle daardie oggend in die tempel Psalms 22 gesing het: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" O God, maak geestelike oë oop. Gee begrip, soos ons onsself aan U toevertrou, in Jesus' Naam. Amen.

200 Nou, net 'n oomblik. Nou, julle sien daardie groot ry mense. Daar's geen manier vir my om te hê . . . Is daar enigiemand hier wat nog nooit in een van die dienste was wanneer onderskeiding is . . . [Leë kol op band—Red.]

201 . . . en—en net soos ek, hy eet soos ek, hy slaap soos ek, hy's—hy's 'n persoon vir wie Jesus gesterf het.

202 Nou, ek veroordeel die doktrine van die Katolieke kerk, dis reg, maar nie die Katolieke man nie. Sekerlik. En as ek ooit by 'n punt kom waar ek nie my arm net so ver kan uitsteek vir 'n Katoliek as wat ek kon vir 'n Pinkster nie, dan behoort ek weer terug te gaan na Gólgota, daar is iets verkeerd met my; Jesus het gekom om uit te reik na enigiemand. En vir Eenheid, Tweeheid, Drieheid, Vyfheid, wat dit ook al mag wees, daar's geen verskil nie, ek wil 'n arm uitsteek.

203 Toe ek die eerste keer hierin gekom het as 'n Baptiste prediker, wel, een groep het gesê: "Kom, sluit aan by ons groep."

Die ander een het gesê: "Kom sluit by ons groep aan."

Ek het gesê: "Broers, ek het julle albei lief."

"Jy sal na een toe moet kom, ons sal dit net nie toelaat nie."

Ek het gesê: "O, maar God sal dit toelaat, sien. Ek sal reg tussen julle staan met 'n arm uit na beide kante, en sê: 'Ons is broers!'"

204 "Verlossingsliefde was my tema, en sal wees totdat ek sterf." Sien? Dis reg. Kry liefde in julle hart, en wees eg en eerlik, en hê die regte soort motief, en die regte soort doelwit, en God sal sorg vir die res as julle motief reg is, en julle doelwit reg is. As julle doelwit reg is, en julle motief verkeerd is, sal dit nie werk nie. Maar wanneer jy jou . . . As jy weet dis die wil van God, dan is jou motief reg, en jou doelwit reg . . .

205 Soos nou, hier's 'n groep mense. Ek het gepraat van Hom wat Messias is wat jy steeds kan aanraak, ek praat nie daarvan omdat *ek* so dink nie, ek praat daarvan omdat die *Bybel* so gesê het. Nou, die rede . . .

Jy sê: "Broer Branham, is jy nie bang Hy sal . . .?"

"Nee, meneer."

206 Nou, as ek wou sê: "Kyk hier, ek kan *hierdie* doen. Sien watter groot man is ek?" Ek beter stilbly, en wegstap van die platvorm af net daar, want dit sal nooit werk nie. Sien?

207 Wat is my motief? Om hierdie mense saam te smelt, as God se mense.

208 Sê: "Ek sê julle, al julle mense, ek behoort aan die Baptiste, kom julle almal oor, sluit aan by die Baptiste." "Ek's 'n Eenheid." "Ek's 'n Drie-eenheid." "Ek's 'n Drieheid," of "Tweeheid," of wat jy ook al het, ek weet nie. Almal: "Ek behoort aan *daardie* een."

209 Nee, meneer. Ek's julle broer, ek behoort aan Christus, ons behoort aan mekaar. So dit maak my motief, my doelwit reg, my motief is reg, so daarom, het Hy gesê: "Sê vir hierdie berg: 'Word beweeg,' en moenie twyfel nie." En dis die wil van God vir my om dit te doen, of Hy sou my nooit gestuur het nie, daar het julle dit.

As jy alles reg laat werk, en jou motief en doelwit is reg, kan jy vir enigiets sê, solank dit die wil van God is, sal dit dit doen.

210 Maar as ek wil, sê, een of ander groot hoogmoedige wil wees, om vir my 'n groot program iewers te maak, en my op een of ander televisie uitsending geplaas het, universeel, of iets, nou dis verkeerd. Ek nie. . .

211 Jesus het een ding gekort. Weet julle wat dit was? Afwysery, Hy was nie 'n afwyser nie. Sien? Nee, nee, nee. Hulle het gesê: "Waarom lol julle met hierdie klomp holy-rollers hier onder, vissermanne, ensovoorts?"

Sy broer het gesê: "Kom op na die hoëpriester. Kom op, en wys jouself, wat jy kan doen, as jy die *So-en-so* is."

Hy het gesê: "Julle tyd is altyd, Myne het nog nie gekom nie."

212 Dis reg. Hy het nie saam met hulle gegaan nie, Hy gaan nie vandag nie. Hy is nie 'n afwyser nie, Hy's die Seun van God. Amen. Ons glo dit. O, is Hy nie wonderlik nie? Jesus, die Seun van God.

213 Nou, ek kan nie onderskeiding in hierdie ry hê nie, sien, maar ons gaan bid. Voor ek dit doen, wil ek seker wees, as ek kan, die Heilige Gees my sal help, om te weet dat die krag van God hier is, sodat julle die salwing kan sien.

214 Nou kyk, hierdie hele gehoor, laat ons net hierdie beslis vanaand, sien, hierdie gehoor hierbuite, elkeen 'n vreemdeling vir my. Daar's net een persoon. . .Hierdie twee dogtertjies wat hier sit, dis my vriend se dogters, die klein Evans dogtertjies. Broer Evans, waar is jy? Ek het jou nie gesien nie.

Vertel julle iets van Broer Evans, terwyl ons wag. Ek wag vir iets. Ons het visgevang nie lank gelede nie.

215 Hoe ek hierdie goeie man en sy vrou ontmoet het, Broer Mercier het my aan hom voorgestel. In die oggend voor ek die hotel verlaat het (Was dit nie in Philadelphia saam met Theo Jones by die Met nie?), en Broer Mercier het gesê: "Daar's 'n goeie man met die naam van Welch Evans, hy wil jou ontmoet," vrou was by my. Ek het opgestaan daardie oggend, en my seuntjie, Joseph. . .

216 Julle weet almal van klein Joseph, ses jaar voor hy gekom het, het ek hom in 'n visioen gesien. Die dokter het gesê my vrou kan nooit nog 'n kind hê nie, ek het gesê: "O, ja!"

So toe die volgende kind gebore is, was dit 'n dogter. Hulle het gesê: "Uh-huh. Jy het *Josephine* bedoel."

217 Ek het gesê: "Ek het *Joseph* bedoel!" God vertel nooit leuens nie.

218 En nou, so omtrent vier jaar later, het sy, het ons geweet sy gaan weer ma word, toe het hulle gesê: "Is hierdie Joseph?"

Ek het gesê: "Ek weet nie."

Die dokter het gesê: "Sy kan dit nie hê nie, Broer Branham."

Ek het gesê: "Sy sal daardie een hê."

219 So, toe die verpleegster afgekom het, het ek die mat op die vloer deurgeloop, julle weet. En afgekom, en gesê: "Eerwaarde Branham?"

Ek het gesê: "Ja, juffrou?"

Gesê: "Jy het 'n mooi seun, sewe pond en drie onse."

Ek het gesê: "Joseph, jy het lank geneem om hier te kom. Pappa is bly om jou te sien!"

En so, het sy gesê: "Jy het hom *Joseph* genoem."

Ek het gesê: "Dis sy naam."

220 En Joseph was saam met my daar, vier jaar oud, was twee jaar gelede, nee, hy was drie jaar oud, en, hy's nou vyf, en hy sien visioene, en toe hy daardie oggend opgestaan het, het hy gesê, op die rand van die bed gesit, ek en hy slaap saam in mekaar se arms, en ons is regte maats, en hy het gesê: "Pappa," hy het gesê: "David gaan seerkry op 'n motorfiets. Hy gaan sy been se vel afskuur aan *daardie* kant."

Ek het gesê: "Het jy dit gedroom?"

Hy het gesê: "Nee. Pappa, ek het dit net daar gesien."

221 Ons het dit net neergeskryf in 'n boek. Toe ons by die huis gekom het, David, die klein seuntjie langs ons, het twee dae na ons tuis was, in die pad afgery op die motorfiets en die vel op sy sy afgeskuur, presies net soos hy gesê het.

222 Ek gaan een van hierdie dae, vriende, gaan die wêreld verlaat. Ek bid dat God die gees sal neem wat Hy my laat kry het, en 'n dubbele porsie sal gee vir my seun, Joseph, om die Lig te skyn terwyl ek weg is.

223 En so toe, het ek verwag Billy. . .Billy is een van die beste seuns wat die wêreld kon. . .Hy was nie geroep in die bediening nie. Nou, ek wil nie weggaan sonder om iemand te hê om te verteenwoordig, my plek in te neem wanneer ek weg is nie.

224 En ek het begin beweeg, en ek het Broer Welch Evans gesien (ek behoort dit nie te sê nie, Suster Evans. Sal jy my vergewe?), hy het te veel visse gevang, en hy het hulle weggesteek vir die wildbewaarder. En ek het hom daarbo in 'n visioen gesien, hulle het hulle in 'n sak gehad, en hy het hulle twee of drie keer weggesteek. En ek het gesê: "Ek wonder of dit daardie selfde man is? Hulle sê vir my hy hou daarvan om vis te vang onder in Florida."

225 So ek het soontoe gegaan daardie oggend. Toe ek ingestap het, ek en Broer Mercier daar agter, ons het saam ingestap, en ek het gesê: "Dis die man. Dis hy."

226 So nadat hy my aan hom voorgestel het, het ek gesê: “Mnr. Evans?” en ek het met hom gepraat. Ek het gesê, nadat ons ’n rukkie gepraat het, het ek gereedgemaak om te vertrek, ek het gesê: “Broer Evans, het jy my lief?”

Hy het gesê: “Sekerlik.”

227 Ek het gesê: “Hier nie lank gelede nie, het jy visgevang in een of ander soort riviermond. Jy het ’n sak vol vis gehad, jy het hulle probeer wegsteek vir die wildbewaarder.”

Hy het gesê: “O, goeiste, goeiste!”

Ek het gesê: “Net een ding gaan ek jou vra: Neem my om daar vis te vang.”

Hy het gesê: “Goed.”

228 So sy broer is ’n sondaar, en hy is gebyt deur ’n grondratelslang. Weet enigiemand wat ’n grondratelslang is? Hy’s regtig erg. En sy broer was in die hospitaal, en het op ’n hoepel geloop vir ’n lang tyd, was dit nie, Broer Welch? Op ’n hoepel.

229 So, ek en Broer Welch het soontoe gegaan, elf groot visse gekry daardie dag. O, goeiste, hoe mooi! En ek het ’n yslike groot baars gehad, en ek kon hom net nie vashou nie. En Broer Welch het soontoe gekom, sy broekspype heeltemal opgerol gehad, hy het gesê: “Kan jy hom nie vashou nie?”

230 Ek het gesê: “Hy’s te groot! Hy moet veertien, vyftien pond weeg.” En ek het hom daar aangehad, en hy het net oor daardie blare geloop, en ek het die klein hommelby weer uitgegooi, hier het hy gekom. En een het weer gebyt, en hy was ’n goeie een, omtrent agt of tien pond, maar ek kon hom nie hou nie. En naderhand het ek hom soort van moeg gemaak, hom begin inbring.

231 Broer Welch het gesê: “Ek sal hom kry.” En sonder om te dink, het hy in daardie riete ingespring en onder daardie blare, om die vis kaalvoet te gryp, en ’n grondratelslang het hom gegryp. Daar het die slang deur die . . .

232 En hy het daar uitgespring, hy het sy voet vasgehou soos *daardie*, soos been wat daarbinne vries, en sy tande het op mekaar gekners, trane wat teen sy wange afloop.

233 En ek het gekyk, bloed het twee plekke uitgekom, omtrent *so* wyd uitmekaar, gesê: “O, goeiste!” Wel, ek . . . Hy’s ’n yslike groot man. Hoe gaan ek hom omtrent twee of drie myl deur daardie moerasse dra? En ek het net gedink. En ek het gesê: “O, Broer Evans! O, goeiste, Broer Evans!”

En Iets het vir my gesê: “Ek is ’n baie teenswoordige Hulp in die tyd van probleme.” Ek het dit nog nooit tevore gesien nie.

Ek het my hande oorkant op sy voet gelê, en ek het gesê: “Nou, Broer Evans, net—net ’n oomblik.”

234 En ek het gesê: "Hemelse Vader, ons is in 'n noodtoestand. En ek—ek weet dat U Woord sê: dat die, dat hulle sal trap op die koppe van skerpioene en slange, en niks sal hulle skaad nie. Hierdie man is 'n gelowige, Hy's U kind. En ek sit my hand oorkant op hom, in die Naam van Jesus Christus, ek bestraf daardie giftige gif van daardie slang!"

En ek het gehoor hoe hy ophou kreun, ek het my hand afgehaal, hy het gesê: "Ek het nie 'n pyn nie."

235 Ons het aangehou visvang daardie hele dag. Daardie aand toe hulle ingekom het, het hulle daar gepraat, ons het daardie yslike groot swartbaars gehad, omtrent *so* lank, opgehang.

236 Omtrent elfuur het sy broer daar gekom, so hy het steeds 'n bietjie mank op sy voet geloop. En hy was nie 'n gelowige nie, hy was 'n sondaar, goeie kêrel, baie goeie man. Ek verwag om hom na Christus toe te lei volgende keer wat ek afgaan, hom daarbuite te doop, een van daardie poele.

237 En so, toe ons daar uitgegaan het, en hy het 'n aaswinkel, en ons was by 'n plek in 'n hotelletjie oorkant die straat van daar af by Fort—Fort Pierce. En so, het sy broer daar gekom, en ek het sy broer daarvan vertel. En hy het daardie slangbyt gesien, hy het gesê: "Nou, Broer, dis goed om godsdienstig te wees, maar nie mal nie!" Hy het gesê: "Jy beter net nou by 'n dokter uitkom!" Gesê: "Jy weet hoe dit my in 'n hospitaal soos daardie laat lê het."

238 Broer Evans het gesê: "Ek is gebyt vanmôre om elfuur, dit is amper elfuur vanaand, en God so lank vir my gesorg het deur Sy genade, sal Hy vir my sorg vir die res van die pad."

239 Het nooit 'n salf of reuk van enigiets gehad nie. Dis wonderlike genade, ons Here Jesus Christus.

240 Ek ken daardie dogtertjies, Broer en Suster Evans. En ek glo hierdie is Broer Willie wat hier sit, die kunstenaar wat die prentjies geteken het van hulle. . .kerkwêreld. Was jy. . .? [Leë kol op band—Red.]. . .daardie Vuurkolom. Was jy daar, Willie, om dit te sien? Was jy daar, Broer Evans? Suster? Hoeveel wat in die gebou is, was daar by die kerk daardie oggend, om dit te sien? Goed. Vir vyftien minute het Dit net daar gestaan, sigbaar voor byna vierhonderd mense wat Daarna staan en kyk het. Amen. Dis reg. Hy's die Here Jesus, en daardie selfde Engel van God is nou net hier. Hê geloof in God.

241 Nou, vir julle daarbuite, ons kan daardie ry deurbring binne omtrent tien minute, ons net die Heilige Gees saam met ons kan laat beweeg. Here weet ek getuig net sodat julle sal sien om julle geloof te bou.

242 As ek sou begin vertel wat ek Hom sien doen het, doen in hierdie, my bediening, wat ek Jesus Christus voor my oë sien doen het, sou hulle volumes boeke maak. Net elke dag, elke uur, kan jy net vir Broer Moore vra, hierdie mense wat rondgaan, enige plek,

enige plek, dis net konstant die heeltyd, tuis, daarbuite, en waar ook al, die Heilige Gees wys net, bring my van plek af, neem my *hiernatoe*, *hiernatoe*. As jy jouself net aan Hom oorgee, sien? Dis reg.

243 Die broers wat weet, wat in die dienste was, en weet, of saam met my in die dienste was, en bo—bo by die huis, en oral, is daardie dinge so, broers? Steek julle hande op as hulle so is. Dis reg. Duisende kan daarvan getuig.

244 Nou hê geloof. En as die Heilige Gees ons sal wys. . .Wat is. . .? Twee of drie is 'n getuie. Is dit reg? Twee of drie is 'n getuie. Hê nou geloof. Steek nou weer julle hande op, sodat ek kan sien.

245 Daar's geen gebedskaartjies nie. As jy 'n gebedskaartjie het, kom in die ry. Dis, jy's siek, en ek ken jou nie, of jy het 'n versoek op jou hart, of iets, hou jou hande op. Solied.

246 Het jy een? Jy? Laat ek en jy praat, jy's net naby aan my. Glo jy dat ek Sy profeet is? Glo jy my? As ek, deur die Heilige Gees, aan jou kan openbaar wat jou probleem is, sal jy dit aanvaar as van die Here?

Sal die res van die gehoor dieselfde ding doen?

247 God, dis tot U eer.

248 Jy het probleme met jou knieë en bene. Dis reg, wuif jou hand. Goed, gaan huis toe en ontvang jou genesing, Jesus Christus maak jou gesond.

Enigiemand anders glo met jou hele hart? Wag, hier gaan Dit, hier is Dit, wag net 'n oomblik.

249 Daardie man wat net daar sit, bid vir sy moeder in die hospitaal, hartprobleme. Glo jy sy sal genees word, Broer? Goed, meneer. God seën jou.

250 Ek's 'n vreemdeling vir die man. Ek ken hom nie. Dis reg, steek jou hand op. Dis reg. Dis waar, egter, is dit nie? Glo jy nou? Wat—wat raak hulle aan?

251 Hier's 'n dametjie wat hier sit en bid net met haar hele hart, dis nie vir haarself nie, vir die verlossing van haar man. As dit reg is, staan op jou voete, dame.

Goed. As jy net God glo!

252 Daar is Hy daar agter, 'n breuk, hartprobleem. O, goeiste, dis net oral. Glo julle nou? Hoeveel glo nou met julle hele hart? Steek net julle hand op. Dit gaan net na. . .Ek kan nie te diep daarin ingaan nie, want ek kon nie die ry deurneem nie.

253 Is Hy God daarbuite? Is Hy God hierbo? Hy's God in die Hemel, Hy's God op aarde, Hy's oral God. (Ek moet net 'n oomblik kry, Broer Jack, om so te kom. Sien?) Glo julle wat julle gehoor en gesien het? Glo julle dit kom van God af? Glo die mense daarbuite dieselfde?

254 As God aan hierdie vrou sal openbaar wat haar probleem is, of, wat dit ook al is, ek weet nie. Ons is vreemdelinge, veronderstel ek, vir mekaar. Jy's 'n . . . Sy's die . . . Sy het 'n gebedskaartjie gehad, het sy? Goed.

255 Die gebedskaartjie, die seun het net gekom en hierdie gebedskaartjies geskommel, en jy het net een getrek, dis al, sien. Jy sien wat Hy daarbuite kan doen. Nou, is dit die einste teken wat Jesus gewys en bewys het dat Hy die Messias was toe Hy hier op aarde was? Glo jy dit? Jy glo dit.

256 En glo jy dat Jesus hier op aarde is, vanaand, in die vorm van gees, wat Heilige Gees genoem word; en Hy lewe in Sy Kerk deur die Bloed van Sy Offer; Hy die sluier oopgemaak en geskeur het met die stort van Sy Bloed, en 'n weg gemaak dat ek en jy in daardie Shekinah Heerlikheid kon inkom, dat Hy hier kon praat, my lippe neem en praat met jou as twee gelowiges, en loop onder ons, en praat onder ons, en aan my die einste dinge openbaar wat Hy daar gedoen het om te bewys dat Hy nie dood is nie, maar vir ewig lewe?

257 Jy's nie hier vir genesing nie, jy's genees. Dis reg. Maar jy's hier vir jou man. Glo jy dat God vir my kan sê wat sy probleem is? Goed, hy het maagprobleme. Dis reg. Jy het 'n seun, dis waarom jy nog steeds staan met jou hand op. Wil jy hê ek moet vir jou sê wat verkeerd is met jou seun? Hy het probleme met sy skouer. Dis presies reg.

258 Ek sien 'n ander seun, dis 'n neef. Ja, meneer. Glo jy God kan my sy probleem vertel? Goed. Die probleem met jou neef, hy het maagprobleme, hy's senuweeagtig. En hier's twee dinge wat hulle albei nodig het, is verlossing, want hulle is albei sondaars. Dis SO SPREEK DIE HERE. Glo nou met jou hele hart.

Vader God, hierdie dierbare dogtertjie . . .

Almal van julle bid saam met my, asseblief, nou vir hierdie mense.

Vader, ek bid dat U die dingetjie sal genees en haar gesond sal maak, in die Naam van die Here Jesus. Amen.

Dis goed.

God, in Christus' Naam, genees haar.

Kom, Suster.

Almal wat nou bid.

Nou, Suster, as ek jou hand kon reguit maak, sou ek dit doen, ek kan nie, maar ek kan bid.

259 Hemelse Vader, ek bid dat U haar sal genees, mag hierdie hand reguit word. Mag sy gaan soos Bartiméüs met sy oë, van hierdie platvorm afgaan in geloof. In Jesus' Naam. Amen.

God seën jou nou, Suster.

Ons Hemelse Vader, ek neem die hand van hierdie vrou en bid dat U haar sal genees, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

God seën jou.

260 Nou, jy weet ek weet wat verkeerd is met jou, maar of ek dit gesê het of nie, sal jy dit in elk geval glo? Sien, as ek aanhou met die volle onderskeiding, weet jy wat dit doen? Dit breek my af. Maar jou rug is genees terwyl jy in die stoel gesit het, so gaan maar huis toe. . .?. . .

En as jy sal glo met jou hele hart, sal artritis jou nie meer pla nie. Gaan, glo. . .?. . .

Here, ek bid dat U haar sal genees en haar sal gesond maak, in Jesus' Naam. Amen.

Glo dit. Gaan glo. . .?. . .

Ons Hemelse Vader, ek lê hande op my suster en bid dat U haar sal genees, in Jesus' Naam.

Gaan terug na. . .?. . .Hou aan bid. Hou aan bid.

Julle gebede, vriende, julle is die Kerk van God. Bid vir hierdie mense. Wat as dit jou moeder, vader, jou man, vrou is?

Ons Hemelse Vader, ek bid dat U hom sal genees en hom gesond maak, in Jesus' Naam, vra ek dit. Amen.

261 Terwyl die salwing van die Heilige Gees nou kom, kom jy net en glo met jou hele hart, en God sal—sal genees. Glo jy dit? Glo jy dit?

262 Ek—ek. . .Luister, vriende, net as ek julle net 'n oomblik stil kry, luister. Maak nie saak waar. . .Sien, julle moenie dink dat die Heilige Gees hier weggegaan het, omdat ek nie met elkeen praat nie. Ek sou. . .Hulle sou my klaar uitgeneem het, as dit so was. Hoeveel besef dat ons Here, toe 'n—'n vrou Sy kleed aangeraak het, Hy gevoel het dat daar krag van Hom uitgegaan het? Hoe. . .? [Leë kol op band—Red.] Hoeveel weet dat 'n profeet met die naam van Daniël, een visioen gesien het, en baie dae lank gepla was in sy kop daaroor?

263 Hoe dink julle dat ek daardie mense ken, alles omtrent hulle, en sulke dinge, as dit nie visioen was nie? Hoe sou ek dit ooit kon weet? Sien julle dan wat ek bedoel? Die krag. . .Ek. . .As ek net. . .Ek sien die mense kom. Jy voel daardie vibrasie hulle tref, en dan moet jy net—jy moet net jou kop draai, en jou hande op hulle lê en aangaan. Terwyl die Heilige Gees hier is, sal Dit dieselfde werk doen, sal die Here openbaar. Dis nie net omdat daardie een verbygegaan het, of iets nie.

264 Hier, waar is die volgende een? Is hierdie. . .? Hier. Goed. Ons is vreemdelinge vir mekaar, is ons nie? Ek ken jou nie, jy ken my nie. As dit reg is. . .Jy het my tevore hoor preek, maar om jou te ken, jy het net waarskynlik iewers in die gehoor gesit. Glo jy dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid? As

ek dan in staat sal wees, deur die genade van God, om aan jou te openbaar deur die Gees van God, die dinge . . .

Jy sê: "Waarom praat jy van my, Broer? Hoekom doen jy . . . ?"

265 Ek vang jou gees, net presies soos Hy het met die vrou by die put. Jy sal, my woord moet neem daarvoor. Maar as Hy dit reg verklaar, dan is dit reg, het ek die waarheid vertel. Sien? En dan, as ek aanspraak maak dat Dit nie ek is nie, dat Dit Hy is, het ek die waarheid vertel. Daar's Sy Woord, verklaar dit. Sien? Dis deur Sy toelaatbare wil dat ek dit doen. Sien? Hy laat my toe om dit te doen.

266 Nou, jy ly aan senuweeagtigheid, baie senuweeagtig. Dis reg. En jy het 'n operasie gehad, operasie op die maag. Dis presies reg. Jy's nie van hierdie stad nie, van 'n plek genaamd Vidor, of so-iets. Vidor. Glo jy God kan vir my sê wie jy is? Goed, Mev. Beech, jy kan teruggaan huis toe, gesond wees . . . ? . . .

267 Glo julle? Nou, hou net aan bid, bly in gebed soos hierdie mense verbygaan, hou net aan bid.

Here Jesus, genees hierdie man, bid ek in Jesus' Naam. Amen.

God seën jou. Gaan nou blymoedig op jou pad.

Ons Hemelse Vader, ek bid dat U ons suster sal genees. [Leë kol op band—Red.]

. . . hierdie, bid ek die gebed van geloof vir my broer, in die Naam van Jesus. [Leë kol op band—Red.]

. . . nou, met jou hele hart, moenie twyfel nie. Glo met jou hele hart, alles reg wees. [Leë kol op band—Red.]

. . . persoon, het blykbaar 'n goeie gees. Jy's 'n Christen. Glo jy met jou hele hart God kan my sê wat die probleem is? Dink jy jou man sal regkom, daardie oogprobleem, wat 'n allergie het, ensovoorts? Gaan glo nou, en hy sal regkom. [Leë kol op band—Red.]

. . . genees hom in Jesus' Naam. Amen. [Leë kol op band—Red.]

. . . Lubbock. God seën jou, Suster.

Ons Hemelse Vader, ek kan die tyd onthou toe ek in 'n studeerkamertjie ingegaan het om te bid toe die—die noodtoestand aan was, en watter groot ding het U in hulle huis gedoen. Ek bid, Vader, nou met die wete wat verkeerd is, bid ek dat U sal seën en die begeerte van haar hart gee, in die Naam van Jesus Christus. Amen. [Leë kolle op band—Red.]

268 Glo Hy sal jou gesond maak? Ja. Daardie operasie verhoed, jou gesond maak, as jy dit glo. Wat dink julle is dit? Wel, jy het gedink dis 'n gewas, dis 'n vergroeisel, jy het gedink dis 'n gewas, gedink dis kanker. Jy het baie dinge gehad, maar watter verskil maak dit, solank Hy dit genees? Is dit reg? Wat jy nodig het, is 'n klein hupstoot van geloof, is dit nie? om jou te laat opkom.

Sarah, gaan huis toe, en word gesond. Jesus Christus maak jou gesond . . . ? . . .

Vader God, in die Naam van die Here Jesus, genees hom. Mag die genade van God met die kind wees. Maak hom gesond. Mag die moeder so 'n verskil in hom sien, Here! [Leë kol op band—Red.]

Jesus, mag dit so wees . . . [Leë kol op band—Red.]

In die Naam van die Here Jesus, mag my suster genees word. Amen.

Vra en dit . . . [Leë kol op band—Red.]

Gee hom moed om geloof te hê en te glo. U seëninge is op hom, was van die ontbyt af. Ek bid dat U hom dit sal laat sien, Here, en weet dat hierdie uitgerekte senuwees herstel word. In Jesus' Naam. Amen.

Moenie twyfel nie, glo.

Kom, my broer.

Ons Hemelse Vader, soos ek hande op haar lê, in die Naam van die Here Jesus, mag, soos haar geliefde haar lei, mag Christus van nou af lei, dierbare Here, haar gesond maak, haar net weer sal herstel. Amen.

Moenie twyfel nie.

Kom, glo.

269 Glo jy? Glo almal met julle hele hart? Hê net geloof.

Aangename kennis? Baie jonk, lyk gesond, maar jy kan nie altyd daarvolgens sê nie. Dink jy die Heilige Gees kan my jou probleem vertel? Jy dink so?

Glo die gehoor dieselfde ding? As Christus Christus bly, kan Hy.

270 Iets vreemd aan jou, dis waarom Hy my gestop het. O! Ek waardeer jou. Nou, om te genees, ek kan nie genees nie, dame, ek's 'n man. Maar die lewe kan nie nou weggesteek word nie. Jy's hier vir iemand anders, wat gevaarlik siek is, jy noem dit kanker in die bloedstroom, die regte naam is leukemie. In 'n hospitaal, nie hier nie, oorkant in Louisiana. Dis reg. Dis goeie geloof vir 'n sondaar om te hê. Sal jy Jesus nou aanvaar as jou persoonlike Verlosser? Jy sal? Goed. Steek jou hande op. Mag jou sondes jou vergewe word . . . ? . . .

271 Amen. Glo julle? Hoeveel, hier, is gereed om Christus as Geneser te ontvang? Ek daag julle uit om dit te glo. Kan jou geloof Hom stop? Dan, in die Naam van Jesus Christus, elkeen van julle, wat genesing wil hê, staan op julle voete. Ek gee nie om wat verkeerd is met jou nie, staan op en aanvaar jou genesing. Steek julle hande op.

272 O Here God, Skepper van die Hemel en aarde, die Bewerker van ewigdurende Lewe, Gewer van elke goeie gawe, ek daag die duiwel uit met 'n suiwer geloof.

273 Kom uit hierdie mense uit, Satan! Jy het die stryd verloor, in Jesus' Naam, verlaat hulle!

274 Steek nou julle hande op, en prys Hom.

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,

275 Steek julle hande op, en prys Hom. "Gee Hom eer, al julle mense." Aanvaar julle Hom? Sê: "Amen." Aanvaar julle Hom as julle Geneser? Aanvaar julle Hom as julle Verlosser? Steek dan julle hande op, en sê: "Prys God." Ek verklaar julle gesond, in die Naam van Jesus Christus.

61-0124 Blinde Bartimeüs
Amerikaanse Legioen Saal
Beaumont, Texas V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org